

ONS OË IS OP U

**Die gebed - in besonder
die Onse Vader**

**Ds. P. J.de Bruyn
1979**

www.christelikemedia.org

2 Kron 20:12:

"Want in ons is geen krag
teenoor hierdie groot menigte
wat teen ons gekom het nie; en
ons weet nie wat ons moet doen
nie, maar **ons oë is op U.**"

INHOUD

HOOFSTUK 1	5
DIE NOODSAAKLIKHEID VAN DIE GEBED VIR DIE CHRISTEN	5
1. INLEIDING	5
2. DIE NOODSAAKLIKHEID VAN DIE GEBED ONTKEN.	5
2.1 DIE ALWETENDHEID VAN GOD.	5
2.2 DIE ONVERANDERLIKHEID VAN GOD.	6
3. DIE NOODSAAKLIKHEID VAN DIE GEBED ERKEN.	6
3.1 DIT IS DIE VERNAAMSTE DEEL VAN ONS DANKBAARHEID TEENOR GOD. 6	
3.2 DIE HERE EIS DIT VAN ONS.	7
3.3 GOD WIL HÊ DAT ONS SY GENADE EN DIE HEILIGE GEES BIDDEND VAN HOM MOET VRA.	7
3.4 DIE GEBED IS NOODSAAKLIK OM DIE GELOOFSBAND MET GOD STERK EN STEWIG TE HOU.	7
HOOFSTUK 2	8
DIE VEREISTES VIR DIE REGTE GEBED	8
1. INLEIDING	8
2. ONS MOET NET DIE ENIGE, WARE GOD AANROEP.	8
3. GOD SE EER MOET VOOROP STAAN.	9
4. ONDERWERPING AAN GOD SE WIL.	9
5. ONS MOET GOD VAN HARTE AANROEP.	9
6. ONS MOET GOD VERROOTMOEDIGEND AANROEP.	9
7. ONS MOET SMEKEND BID.	10
8. ONS MOET VERTROUEND BID.	10
9. ONS MOET VOLHARDEND BID.	10
10. ONS MOET DANKEND BID.	11
HOOFSTUK 3	12
WAARVOOR MOET ONS BID?	12
1. ALLE GEESTELIKE EN LIGGAAMLIKE BEHOEFTES.	12
2. DIE "ONSE VADER"	12
2.1 DIE EER VAN GOD STAAN VOOROP.	13
2.2 LIEFDE TOT GOD EN TOT DIE NAASTE.	13
2.3 ONS NOOD EN ELLENDE REG KEN.	13
2.4 VERTROUEND BID.	13
2.5 DIE REGTE VERHOUDING TUSSEN GEESTELIKE EN LIGGAAMLIKE BEHOEFTES. 13	
2.6 KORT EN SAAKLIK.	13
HOOFSTUK 4	14
DIE AANSPRAAK VAN DIE ONS VADER	14
1. ONS MOET GOD "ONS VADER" NOEM.	14
1.1 DIS 'N VOORREG OM GOD SO TE NOEM.	14
1.2 DIT IS 'N BEVEL OM GOD SO TE NOEM.	14
1.3 DIE REDES WAAROM ONS GOD SO MOET NOEM.	14
1.3.1 Om eerbied en vertrouwe teenoor God in ons te wek.	15
1.3.2 Om sy liefde vir ons steeds te beklemtoon.	15
1.3.3 Vanweë die eenvoud daarvan.	15
2. DIE GROND VIR DIE VERHORING VAN ONS GEBEDE.	15
3. DIE ROEPING WAT DIE AANSPREEK VAN GOD AS ONS VADER OP ONS PLAAS:	15
4. ONS VADER IS IN DIE HEMEL.	16
4.1 ONS MOENIE AARDS VAN GOD DINK NIE.	16
4.2 ONS MOET WEET DAT HY DIE ALMAGTIGE IS.	16
HOOFSTUK 5	17
DIE EERSTE BEDE	17
1. HIERDIE BEDE IS 'N SKULDBELYDENIS.	17
2. GEEN VOLGORDE NIE MAAR LEWENSHOUDING.	17
3. DIE WOORDE "NAAM" EN "HEILIG".	17
4. ONS MOET GOD REG KEN.	18
5. ONS MOET GOD EER EN PRYS.	18
6. ONS MAG GEEN OORSAAK VAN DIE ONTHEILIGING VAN GOD SE NAAM WEES NIE. 19	
7. OOK HIERIN NAVOLGERS VAN CHRISTUS.	19

HOOFSTUK 6	20
DIE TWEDE BEDE	20
1. GOD SE KONINKRYK IS TEENWOORDIG MAAR KOM OOK NOG.	20
2. GOD SE KONINKRYK IN MY HART.	21
3. GOD REGEER ONS DEUR SY WOORD EN GEES.	21
4. BEWAAR EN VERMEERDER U KERK.	22
5. VERNIETIGING VAN DIE WERKE VAN DIE DUIWEL.	22
6. DIE VERVULLING VAN HIERDIE BEDE.	22
HOOFSTUK 7	23
DIE DERDE BEDE	23
1. LAAT U WIL GESKIED - TWEE BETEKENISSE.	23
2. GOD SE WIL - ONS VOEDSEL OF ONS NAGEREG?	23
3. DIE ERKENNING DAT NET GOD SE WIL REG IS.	24
4. DIE OOG OP CHRISTUS.	24
5. ONS AMP EN BEROEP.	25
HOOFSTUK 8	26
DIE VIERDE BEDE	26
1. BROOD.	26
2. DAAGLIKSE BROOD.	27
3. BID EN WERK.	27
4. DIE DOEL VAN HIERDIE BEDE.	27
4.1 GOD ERKEN AS DIE OORSPRONG VAN AL WAT GOED IS.	27
4.2 ONS AFHANKLIKHEID VAN GOD ERKEN EN BELY.	27
4.3 OM ONS ROEPING TE KAN VERVUL.	28
HOOFSTUK 9	29
DIE VYFDE BEDE	29
1. VERGEWING.	29
2. WAT IS SONDE?	30
2.1 SONDE IS NALATIGHEID (SKULD).	30
2.2 SONDE IS OORTREDINGE.	30
2.3 SONDE IS MISDADE.	30
2.4 SONDE IS BOOSHEID.	30
3. HOE VERGEWE GOD?	30
4. ONS MOET OOK VERGEWE.	31
4.1 ONS MOËT VERGEWE.	31
4.2 ONS MOET TEN VOLLE VERGEWE.	31
4.3 ONS IS NIE VIR GOD 'N VOORBEELD NIE.	31
HOOFSTUK 10	33
DIE SESDE BEDE	33
1. DIE SONDE AS SKULD EN MAG.	33
2. SATAN SE GROOT MAG.	33
3. DIE DRIE DOODSVYANDE.	33
3.1 DIE DUIWEL.	34
3.2 DIE WÊRELD.	35
3.3 ONS EIE VLEES.	35
4. HOE MOET ONS ONSSELF BESKERM?	35
4.1 ERKEN JOU EIE SWAKHEID.	35
4.2 BID VIR BEWARING.	35
4.3 BESTUDEER DIE SKRIF.	36
4.4 GRYP VAS AAN CHRISTUS.	36
5. LEI GOD ONS IN VERSOEKING?	36
6. VERSOEKINGS EN BEPROEWINGS.	37
HOOFSTUK 11	38
DIE LOFVERHEFFING EN AFSLUITING	38
1. DIT ONTBREEK IN SOMMIGE MANUSKRIPTE.	38
2. GOD KAN GEE WAT ONS VRA.	38
3. "AAN U BEHOORT DIE KONINKRYK".	38
4. "AAN U BEHOORT DIE KRAG".	39
5. "AAN U BEHOORT DIE HEERLIKHEID".	39
6. SAMEVATTING.	39

7. DIE WOORD "AMEN".....	40
HOOFSTUK 12.....	41
ENKELE VRAE RONDOM DIE GEBED.....	41
1. BID ONS GENOEG?.....	41
2. BID ONS GENOEG VIR DIE KERK?.....	42
3. WAT VAN GEBEDSGENESING?.....	42
3.1 WAT ONDER GEBEDSGENESING VERSTAAN WORD.....	42
3.2 DIE PRAKTYK.....	43
3.3 HULLE "RESULTATE".....	43
3.4 BEOORDELING.....	44
4. WAT VAN ONVERHOORDE GEBEDE?.....	44
4.1 HOOR EN VERHOOR.....	44
4.2 GOD IS 'N VERHOORDER VAN GEBEDE.....	44
4.3 REDES WAAROM ONS GEBEDE SOMS NIE VERHOOR WORD NIE.....	45
4.3.1 Ons het 'n verkeerde doel voor oë.....	45
4.3.2 Ons bid, maar werk nie.....	45
4.3.3 Ons maak van God 'n blote noodhulp.....	45
4.3.4 As ons hardnekkig aan een of ander sonde vashou.....	45
4.3.5 As die verhouding tussen man en vrou nie reg is nie.....	45
4.3.6 As ons die Here nie van harte aanroep nie.....	45
4.3.7 Ons bid sonder vertrou.....	46
4.3.8 Ons hou te gou op met bid.....	46
4.4 DIE OPLOSSING VAN DIE PROBLEEM.....	46

HOOFSTUK 1

DIE NOODSAAKLIKHEID VAN DIE GEBED VIR DIE CHRISTEN

Heidelbergse Kategismus vraag en antwoord 116

Vraag 116: Waarom is die gebed vir die Christene nodig?

Antwoord: Omdat dit die vernaamste deel van die dankbaarheid is wat God van ons eis (a): En omdat God sy genade en Heilige Gees alleen aan hulle wil gee wat Hom met hartlike versugtinge sonder ophou daarom bid en daarvoor dank (b).

(a) [Ps. 50:14](#). (b) [Mat. 7:7](#); [Luk. 11:9](#), [Luk. 11:13](#); [1 Thess. 5:17](#).

1. INLEIDING.

Om te bid beteken om met God te praat. Hierdie praat met God beteken nie net om iets van God te vra nie, maar veral om Hom te loof, te dank, ens.

Vir die Christen is die gebed uiters noodsaaklik. Dit moet ons goed beseef. As ons dit nie beseef nie, sal dit sonder twyfel daartoe lei dat ons nie sal bid soos ons moet bid nie. Dit sal verder lei tot 'n onderskating van die waarde en betekenis van die gebed.

Ons moet die gebed sien in die lig van die verbondsverhouding waarin ons tot God staan. God het uit genade met ons 'n verbond gesluit. In dié verbond beloof Hy om vir ons 'n God te wees en aan ons alles te gee wat ons na liggaam en siel nodig het (Gen. 17:7). Dit is God se kant van die verbond. Ons kant van die verbond is dat ons aan God gehoorsaam moet wees, Hom in alles moet dien en eer en Hom ook moet soek in die gebed. As ons nou tot God bid, kan ons op grond van die beloftes wat Hy ons in die verbond gegee het, pleit dat Hy aan ons moet gee wat ons van Hom vra. God wil ook hê dat ons sulke smeking en gebede tot Hom moet rig, want in Ps. 50:15 sê Hy: "Roep My aan in die dag van benoudheid: Ek sal jou uitred en jy moet My eer".

Jakobus skryf: "Die vurige gebed van die regverdige het groot krag" (Jak. 5:16). Waar dit dus gaan om iets wat so 'n "groot krag" het, moet ons telkens ondersoek instel of dit dié plek in ons lewe inneem wat God wil hê dat dit moet inneem.

Christus het soms byna hele nagte aaneen gebid, en as dit vir Hom nodig was om dit te doen, hoeveel te meer is die volhardende gebed nie vir ons noodsaaklik nie?

2. DIE NOODSAAKLIKHEID VAN DIE GEBED ONTKEN.

Die noodsaaklikheid van die gebed word veral ontken op grond van die alwetendheid en onveranderlikheid van God.

2.1 DIE ALWETENDHEID VAN GOD.

Daar word dan gesê: God weet mos alles. Waarom moet ek dan nog tot

Hom bid en Hom vertel wat ek nodig het? Ons antwoord daarop:

Eerstens: Die gebed bestaan nie net daarin om iets van God te vra nie. Dit is self nie die vernaamste deel van die gebed nie. Die vernaamste deel is om God te dank.

Tweedens: Die gebed moet ook dien om ons te laat beseef hoe diep ons van God afhanklik is.

Derdens: Die gebed is ook die middel waardeur ek my hart kan uitstort voor die Here en

Hom kan vertel van al die probleme en moeilikhede waarmee ek te doen het (Ps. 62:9).

2.2 DIE ONVERANDERLIKHEID VAN GOD.

In hierdie verband word beweer: Deur ons gebede kan ons nie die onveranderlike raadsplan van God verander nie, en daarom het dit geen sin en betekenis om te bid nie.

Ons antwoord hierop:

Die Skrif leer ons wel dat God onveranderlik is (Jak. 1:17), maar dit is 'n onveranderlikheid van 'n hoër orde as wat ons menslike en verduisterde verstand kan begryp. Ook hier geld die woord van die Here: "Soos die hemel hoër is as die aarde, so is my weë hoër as julle weë en my gedagtes as julle gedagtes" (Jes. 55:9).

Daarby kom nog dat die Skrif so eg menslik van God praat deur te sê dat Hy berou gekry het (Gen. 6:6, 1 Sam. 15:11) en afgesien van die voorneme wat Hy gehad het (Am. 7:3; Jona 3:10). Hierdie skynbare verandering van die onveranderlike God verstaan ons nie, en God is dit nok nie aan ons verskuldig om Hom tot in die diepste van sy wese aan ons te openbaar nie.

Wat wel duidelik is, is dat God geen ongenaakbare God is wat op dieselfde lyn as die onafwendbare noodlot volgens heidense siening gestel moet word nie. Hy is 'n liefdevolle God en hemelse Vader wat luister na sy kinders en ag gee op hulle gebede. Hy spaar Israel op die gebed van Amos (Am. 7:3). Op die gebed van Elia sluit Hy die hemel toe dat dit nie reën nie, en op sy gebed het Hy dit later weer geopen dat dit wel gereën het (Jak. 5:16-18). Daarby kom nog dat die Here ons uitdruklik beveel om te bid (Ps. 50:15; Luk. 11:9; Kol.4:2; 1 Thess. 5:17).

Hieruit is dit duidelik dat geen beroep op die onveranderlikheid van God ons mag verhinder om gereeld te bid en aan te hou met bid nie (Luk. 18:1-8).

3. DIE NOODSAAKLIKHEID VAN DIE GEBED ERKEN.

Vir die Christen is die gebed om die volgende redes noodsaaklik:

3.1 DIT IS DIE VERNAAMSTE DEEL VAN ONS DANKBAARHEID TEENOOR GOD.

In die gebed tree ek regstreeks in verbinding met God, ek praat met Hom en dank Hom vir al die seëninge en liefde wat ek van Hom ontvang.

Die gebed is die weerklank van God se genade in my lewe. Daarin toon ek dat ek Hom liefhet omdat Hy my eerste liefgehad het (1 Joh. 4:19).

Al sou ek die Here dien en dank deur my voorbeeldige, Christelike lewe, deur die bywoning van eredienste, deur die gee van bydraes, ens., maar die gebed ontbreek by my of kom nie tot sy reg nie, dan is dit duidelik dat daar êrens in my geloofslewe 'n groot skroef los is.

'n Dankbare, Christelike lewe sonder 'n gebed is totaal onmoontlik. **Die ware Christelike geloof openbaar hom juis in opregte dankbaarheid teenoor God.** Dit sien ons baie duidelik in Christus se antwoord aan die Samaritaan wat teruggekom het om Hom te dank en God te verheerlik nadat Hy hom van sy melaatsheid genees het, terwyl nie een van die ander nege wat genees is Hom ook kom dank het nie. Aan die Samaritaan het Jesus gesê: "Staan op en gaan; jou geloof het jou gered" (Luk. 17:11-19).

Hoe belangrik die dankbaarheid as deel van ons gebed is, blyk ook duidelik uit Ps. 5):15: "Roep My aan in die dag van benoudheid: Ek sal jou uithelp, **en jy moet My eer.**"

3.2 DIE HERE EIS DIT VAN ONS.

Dat die Here van ons **eis** om gereeld te bid, blyk duidelik uit die volgende uitsprake:

Luk. 11:9: "Bid, en vir julle sal gegee word."

Kol. 4:2,3: "Volhard in die gebed en waak daarin met danksegging; en bid tegelykertyd ook vir ons . . ."

1 Thess. 5:17: "Bid sonder ophou."

Baie mense het beswaar teen hierdie "gebed op bevel." Hulle sê dat jy net moet bid as jy so voel, as jy lus het of behoefte het om te bid. Hulle sê dat jy skynheilig is as jy net bid omdat jy beveel word om te bid.

Dit is 'n baie gevaarlike sienswyse, want as jy net moet bid as jy behoefte daaraan het, sal die duiwel sorg dat jy nooit daaraan behoefte het om te bid nie, sodat jy heeltemal kan ophou met bid.

Om ons teen dié gevaar te beskerm, het Christus ons beveel: Julle móét bid! Juis as ons nie lus het om te bid nie, moet ons die innerlike koudheid en doodsheid voor God bely en Hom smEEK om in ons weer die behoefte te wek om te bid. En in die weg van die volhardende gebed groei die behoefte ook om **weer** en **meer** te bid.

3.3 GOD WIL HÊ DAT ONS SY GENADE EN DIE HEILIGE GEES BIDDEND VAN HOM MOET VRA.

God kan sy genade en die Heilige Gees gee sonder dat Hy daarvoor gevra word, maar Hy **wil nie**. Hy **wil** hê dat ons harte sy Vaderhart moet opsoek voor Hy dit aan ons gee.

God se genade en sy Heilige Gees — dit is wat ons nodig het: God se genade in Christus Jesus waardeur ons van ons sondes bevry word en deel kry aan die ewige lewe; en die **Heilige Gees** wat ons troos, lei, wysheid en insig gee en die weldade wat Christus verwerf het, tot ons eiendom maak. Dit moet ons biddend van die Here vra.

Hier sien ons dat ons nie net **tot** die Heilige Gees moet bid nie maar ook om die Heilige Gees, dit wil sê ons moet die Vader ook bid om sy Heilige Gees aan ons te skenk. En as ons dit in alle erns doen, sal God ook op sy tyd sy Gees aan ons gee — mildelik en oorvloedig.

Christus toon dit duidelik aan as Hy sê: "As julle wat sleg is dan weet om goeie gawes aan julle kinders te gee, hoeveel te meer sal die hemelse Vader die **Heilige Gees** gee aan die wat Hom bid?" (Luk. 11:13).

3.4 DIE GEBED IS NOODSAAKLIK OM DIE GELOOFSBAND MET GOD STERK EN STEWIG TE HOU.

Onder ons as mense is dit reeds so dat gesprekke, saamwees, die opsoek van mekaar se teenwoordigheid en geselskap, ens. nodig is om mekaar te leer ken, mekaar lief te kry en aan mekaar gebind te wees. So is dit nou ook in ons verhouding tot God. As mense nie met mekaar praat nie, raak hulle van mekaar vervreemd. En as ons nie met God praat nie en ons Hom nie met ons laat praat nie, tree daar tussen Hom en ons vervreemding in.

Daarom moet ons voortdurend met God kommunikeer: ons moet Hom met ons laat praat deur sy Woord in Skriflesing en prediking, en ons moet daarop antwoord met gebed. Daarom is die gebed dringend nodig as ons ons geloofsbond aan Hom sterk en stewig wil hou, naby Hom wil lewe en wil sorg dat ons lewe altyd op Hom gerig bly.

Dit was juis die geheim van Daniël se geloofskrag. Sy lewe was op God ingestel, want hy het voortdurend met God gekommunikeer: drie maal op 'n dag het hy hom afgesonder om te gaan bid.

Dit is ook die weg wat die Here Jesus ons wys as Hy, ondanks 'n baie druk program, Hom tog dikwels byna die hele nag afgesonder het om te gaan bid.

HOOFSTUK 2

DIE VEREISTES VIR DIE REGTE GEBED

Heidelbergse Kategismus vraag en antwoord 117.

Vraag 117: Hoe moet 'n gebed wees wat God behaag en deur Hom verhoor word?

Antwoord: Ten eerste moet ons alleen die enige ware God wat Hom in sy Woord geopenbaar het (a), van harte aanroep (b) vir alles waarvoor Hy ons beveel het om te bid (c). Ten tweede moet ons ons nood en ellende reg en grondig ken (d) sodat ons ons voor sy majesteit kan verootmoedig (e). Ten derde het ons hierdie vaste grond (f) dat Hy ons gebed, hoewel ons dit nie verdien nie, tog ter wille van die Here Christus sekerlik wil verhoor (g) soos Hy dit vir ons in sy Woord beloof het (h).

- (a) [Openb. 19:10](#); [Joh. 4:22-24](#).
- (b) [Rom. 8:26](#); [1Joh. 5:14](#); [Jak. 1:5](#).
- (c) [Joh. 4:24](#); [Ps. 145:18](#).
- (d) [2Kron. 20:12](#).
- (e) [Ps. 2:11](#); [Ps. 34:19](#); [Jes. 66:2](#).
- (f) [Rom. 10:14](#); [Jak. 1:6](#).
- (g) [Joh. 14:13](#); [Joh. 16:23](#); [Dan. 9:18](#).
- (h) [Mat. 7:8](#); [Ps. 27:8](#).

1. INLEIDING.

Jakobus skryf: "Julle bid en julle ontvang nie omdat julle verkeerd bid, om dit in julle welluste deur te bring" (Jak. 4:3).

Hieruit is dit baie duidelik dat as ons verkeerd bid, God ons nie sal verhoor nie. Positief gestel, beteken hierdie vermaning van Jakobus dat ons **reg moet bid**.

Oor hierdie **regte gebed** handel vraag en antwoord 117 van die Heidelbergse Kategismus ook. Dit blyk duidelik reeds uit die vraag wat gestel word, naamlik: "Wat behoort by so 'n gebed **wat God welgevallig** is en deur Hom verhoor word?"

Uit die Skrif en ons belydenis wil ons nou aandui wat die vernaamste vereistes is waaraan die gebed wat God sal verhoor, moet beantwoord.

2. ONS MOET NET DIE ENIGE, WARE GOD AANROEP.

Die eerste vereiste wat die Kategismus stel, is dat ons net die enige, ware God wat Hom in sy Woord aan ons geopenbaar het, in die gebed moet aanroep.

Hiermee word die gebruik in die Roomse Kerk om nie net tot die drie-enige God te bid nie, maar ook tot die sogenaamde heiliges soos Maria, die moeder van Jesus, afgewys.

Dit is egter nie net op hulle nie maar ook op ons van toepassing. Dit kan ook by ons gebeur dat ons 'n valse voorstelling van God kan maak. Dan bid ons tot dié God wat ons vir onsself in ons gedagtes gemaak het en nie tot die God wat Hom in sy Woord aan ons geopenbaar het nie.

As ek God byvoorbeeld voorstel as 'n harde, liefdelose, onbekende en ongenaakbare Wese en nie as 'n regverdige God en 'n liefdevolle Vader deur Jesus Christus nie, dan bid ek tot 'n ander God as die Een wat Hom in sy Woord aan my geopenbaar het. En dan sal my gebed ook nie die versoek wees van 'n kind tot sy of haar Vader nie maar eerder 'n sprong in die

duisternis.

Maar nou leer die Skrif ons dat God nie 'n koue, harde en onbekende God is nie. Hy is ons Vader deur Jesus Christus en die Hoorder van ons gebede. Só moet ons Hom aanroep.

3. GOD SE EER MOET VOOROP STAAN.

Die mense aan wie Jakobus geskryf het, was van plan om dit waarvoor hulle gebed het in hulle welluste deur te bring (Jak. 4:3). Dit beteken dat hulle dit wat hulle in die gebed van God gevra het, wou gebruik in diens van die sonde en nie tot eer van God nie.

Ons moet daarteen waak dat ons gebede nie net om **onself** en ons eie belange draai nie. Ons moet veral daarteen waak dat ons gebede nie deur 'n sondige motief beheers word nie. Ten diepste moet ons gebede altyd gerig wees op die eer van die Here.

Die **Onse Vader** is ook in hierdie verband vir ons 'n treffende voorbeeld, aangesien die eerste drie bedes daarvan handel oor die sake van die Here: ú Naam geheilig word, ú koninkryk kom, ú wil geskied.

4. ONDERWERPING AAN GOD SE WIL.

Ons moet ons in ons gebede steeds aan God se wil onderwerp. Die duidelikste voorbeeld van so 'n onderwerping in die gebed aan God se wil vind ons by Jesus Christus self in sy gebedsworsteling in Getsémané toe Hy gebid het: "My Vader, as dit moontlik is, laat hierdie beker by My verbygaan. Laat nogtans nie my wil nie, maar u wil geskied" (Matt. 26:39; Luk. 22:42).

Ons moet onthou dat God in sy alwetendheid altyd weet wat die beste is vir ons of vir hulle vir wie ons bid. Daarom moet ons wel in alle erns bid, maar dit dan op so 'n wyse doen dat ons God nie beteweterig probeer voorskryf nie, maar in kinderlike ootmoed dit of dat van Hom vra. En dan doen ons dit met die gedagte daarby dat as Hy anders doen as wat ons van Hom vra, dit uiteindelik tog vir ons of vir diegene vir wie ons bid, die beste is, omdat Hy alles ten goede laat meewerk vir hulle wat Hom liefhet (Rom. 8:28).

5. ONS MOET GOD VAN HARTE AANROEP.

Ons moet God in ons gebede **van harte** aanroep. Dit beteken dat ons gebede werklik uit ons harte moet opkom; elke woord in ons gebede moet opreg bedoel wees.

Negatief beteken dit dat ons gebede nie net lippetaal moet wees nie; dit moenie net rympies wees wat ons opsê nie. Gedagtelose gebede is vir die Here 'n gruwel. Dan "eer" ons Hom met ons monde en lippe, terwyl ons harte ver van Hom af is (Jes. 29:13).

Hieruit kan ons sien dat om werklik te bid, 'n inspannende taak is. Dit vereis konsentrasie en doelgerigtheid. Dit verg die inspanning van al ons kragte. Daarom word van ware gebede dikwels tereg gepraat as gebedsworstelinge. En hoe ernstig so 'n gebedsworsteling kan wees, sien ons ook weer by ons Heiland as sy sweet in Getsémané word soos bloeddruppels wat op die grond val.

6. ONS MOET GOD VEROOTMOEDIGEND AANROEP.

Ons moet ons nood en ellendigheid reg en grondig ken sodat ons ons voor God kan verootmoedig.

As ek nie weet dat ek blind is nie, sal ek nie kan bid om te sien nie. Net so, as ek my nood vanweë my sonde nie ken nie, sal ek nooit kan bid om redding en vergewing nie. Bowendien kan ek dan maklik verwaand en hoogmoedig voor God word - soos die Fariseër (Luk. 18:9-14) - en dit haat die Here. Want die gesindheid wat die Here van ons vra, is 'n gebroke hart en 'n verslae gees (Ps. 51:19).

Ek moet nie net met my verstand saamstem dat ek 'n sondaar is nie, maar ek moet die brandpyn van my sonde voel. Dan alleen sal ek my werklik voor God kan verootmoedig en soos die gelowige Esra kan bid: "My God, ek voel te beskaamd en verleë om my aangesig tot U, my God, op te hef, want ons ongeregthede het oor ons hoof gegroei en ons skuld is hemelhoog" (Esra 9:6).

7. ONS MOET SMEKEND BID.

Hierdie aspek van die gebed sluit aan by die vorige punt. Wie werklik met verootmoediging bid, kan nie anders as om ook smekend te bid nie.

Smeeek behels die gedagte dat jy weet dat jy niks verdien nie. Die smeker besef: of daar aan sy verlangens en begeertes voldoen sal word of nie, word slegs bepaal deur die goedheid, guns, genade en barmhartigheid van die een van wie hy iets verlang. Daarom vra hy nie net nie: hy pleit, hy smeeek. En as jy smeeek, vra jy nie iets waarop jy reg of aanspraak het nie, maar iets wat jy slegs kan verkry as die persoon van wie jy dit vra, hom oor jou ontferm en aan jou 'n guns of weldaad wil bewys.

Só moet ons tot God bid.

Dit is opvallend hoe dikwels daar in die Skrif van die gebed as 'n smeking gepraat word, en gebed en smeking ook in een asem genoem word. In die gebed van Salomo (1 Kon. 8:30, 33, 38, 45, 47, 52, 54, 59) en die gebed van Daniël (Dan. 9:3, 17, 20, 23) word die aspek van smeking in die gebed ook baie sterk beklemtoon. Dit kom ook duidelik na vore in verskeie psalms (ps. 6:10; 28:2, 6; 31:23; 86:6; 116:1; 130:2, ens.) Ook in die Nuwe Testament word daar 'n nou verband gelê tussen gebed en smeking (Hand. 1:14; Ef. 6:18; Fil. 4:6; Tim. 5:5; Hebr. 5:7).

Hieruit is dit duidelik dat ons gebede ook die karakter van smeking moet hê.

8. ONS MOET VERTROUEND BID.

Ons moet glo en vas vertrou dat, hoewel ons dit heeltmaal onwaardig is, God ons tog, ter wille van sy Seun Jesus Christus, sekerlik wil en sal verhoor.

God het uit genade om Christus ontwil met ons 'n verbond gesluit. In die verbond het Hy onderneem om ons te versorg, te bewaar, te beskerm, te help in nood, te voorsien in ons behoeftes, ens. Tot hierdie God, wat Hom met 'n eed aan my verbind het om my God te wees, rig ek my as ek bid. Daarom moet ek glo dat Hy my sal verhoor.

Ons moenie bid en dan dink dat God ons tog nie sal verhoor nie. As ons dit doen, maak ons van die gebed 'n klug. Calvyn het gesê: "God word verskriklik kwaad as ons van Hom 'n weldaad vra, maar intussen nie verwag om dit van Hom te verkry nie".

Ons moet selfs nie twyfel as ons bid nie, want Jakobus sê: "Maar hy moet in die geloof bid sonder om te twyfel; want hy wat twyfel, is soos 'n golf van die see wat deur die wind gedrywe en voortgesweep word. Want dié mens moenie dink dat hy iets van die Here sal ontvang nie — so 'n dubbelhartige man, onbestendig in al sy weë" (Jak. 1:6-8).

Al mag ons God nooit probeer voorskrywe **hoe** en **wanneer** Hy ons gebede moet verhoor nie, moet ons tog bid in die vaste vertroue dat dié God wat sy eer daarin stel om 'n Hoorder van die gebed genoem te word, ook my gebed sal verhoor.

9. ONS MOET VOLHARDEND BID.

Ons moenie net twee of drie maal bid, en as ons dan nie ontvang wat ons gevra het nie, maar ophou met bid nie. In Luk. 18:1 lees ons: "En Hy het ook aan hulle 'n gelykenis vertel met die oog daarop dat 'n mens gedurig moet bid en nie moedeloos word nie". En dan vertel

Hy aan hulle die gelykenis van die weduwee en die onregverdige regter.

Hieruit is dit duidelik dat ons moet aanhou met bid totdat ons van die Here op een of ander wyse 'n antwoord daarop ontvang het. Dikwels dien so 'n aanhoudende gebed juis om ons al hoe nader aan die Here te bring en al hoe vaster aan Hom te bind.

10. ONS MOET DANKEND BID.

Ons moenie vergeet om die Here te dank vir al die seëninge wat ons reeds van Hom ontvang het nie (Kol. 4:2,3). Daarop is reeds die aandag gevestig. (Kyk punt 1.3.1).

In aansluiting hierby moet ons die Here ook **loof** en **prys** in ons gebede. Dit geskied wel op besondere wyse in ons lofsange tot eer van die Here. Tog mag dit ook in ons gebede nie ontbreek nie.

Ons sien hierdie aspek van die gebed besonder duidelik in die dankbare reaksie van Josafat en Juda nadat die Here hulle vyande verslaan het. Hulle optrede word dan soos volg geteken: "En op die vierde dag het hulle in die Lofdal byeengekom, want daar het hulle die Here geloof; daarom het hulle dié plek Lofdal genoem tot vandag toe" (2 Kron. 20:26). (Vgl. ook Ps. 100:4; 135:1; 146:1,2; Luk. 2:13,20; Rom. 9:5).

HOOFSTUK 3

WAARVOOR MOET ONS BID?

Heidelbergse Kategismus vraag en antwoord 118.

Vraag 118: Wat het God ons beveel om van Hom te bid?

Antwoord: Alle geestelike en liggaamlike behoeftes wat Christus saamgevat het, in die gebed wat Hy self aan ons geleer het (a).

(a) [Jak. 1:17](#); [Mat. 6:33](#).

1. ALLE GEESTELIKE EN LIGGAAMLIKE BEHOEFTES.

As ons bid, wat moet ons van God vra?

Ons Kategismus antwoord kort en saaklik: "Alle geestelike en liggaamlike behoeftes" (antw. 118).

Dit is ook presies wat die Skrif ons leer. Paulus skryf in Fil. 4:6: "Laat julle begeertes in alles deur gebed en smeking met danksegging bekend word by God". En Jakobus skryf: "Elke goeie gif en elke volmaakte gawe daal van bo neer, van die Vader van die ligte" (Jak. 1:17).

Dus, alles wat ons werklik nodig het, moet ons van God bid: nie net die groot dinge nie, maar ook die sogenaamde klein dingetjies, want iets wat vir ons klein lyk, kan miskien op die ou end van beslissende betekenis in ons lewe wees.

Dit word hier ook duidelik gestel dat ons nie net vir ons liggaamlike of stoflike behoeftes (kos, klere, krag, gesondheid, ens.) moet bid nie maar ook vir ons geestelike behoeftes (gehoorsaamheid aan God, krag om die sonde te weerstaan, groter liefde tot God, meer vrugte van geloof en bekering, ens.) Die geestelike behoeftes word selfs eerste genoem, en ook heeltemal tereg. Christus leer ons immers om eers die koninkryk van God en sy geregtigheid te soek, en dan sal die Here self verder sorg dat ons ook vir ons stoflike en liggaamlike lewe kry wat ons werklik nodig het (Matt. 6:31-43).

Natuurlik gaan bid en werk in die lewe van die gelowige altyd hand aan hand. Luiheid word deur die Skrif skerp veroordeel (2 Thess. 3:10). Maar ook in ons werk moet ons besef dat ons nie kan werk as die Here nie aan ons die krag, wysheid en bekwaamheid daarvoor gee nie.

2. DIE "ONSE VADER".

Die Onse Vader lui so:

Onse Vader wat in die hemele is,
laat u Naam geheilig word,
laat u koninkryk kom,
laat u wil geskied, soos in die hemel net so ook op die aarde.
Gee ons vandag ons daaglikse brood,
en vergeef ons ons skulde soos ons ook ons skuldenaars vergewe;
en lei ons nie in versoeking nie, maar verlos ons van die Bose.
Want aan u behoort die koninkryk en die krag en die heerlikheid tot in ewigheid.

Amen. (Matt. 6:9-13; Luk. 11:2-4).

Die **Onse Vader** kan in verskeie opsigte die ideale en selfs die volmaakte gebed genoem word. Ons vestig die aandag op die volgende sake:

2.1 DIE EER VAN GOD STAAN VOOROP.

Die eerste drie bedes is 'n smeking dat die eer van God bevorder moet word: sy Naam moet geheilig word, sy koninkryk moet kom, sy wil moet geskied. In die laaste drie bedes word wel gebid vir die behoeftes van die mens, maar dan op so 'n wyse dat, as daaraan voldoen word, die eer tog uiteindelik aan God gegee moet word. En die gebed word afgesluit deur God te eer vir sy grootheid, almag, ens.

2.2 LIEFDE TOT GOD EN TOT DIE NAASTE.

Aan die eis om God bo alles lief te hê en ons naaste soos onself, word op besondere wyse voldoen in hierdie gebed.

Die **liefde tot God** word daarin geopenbaar dat ons hier biddend smeek om die heiliging van sy Naam, die koms van sy koninkryk en dat sy wil in alles moet geskied.

Die **liefde tot** die naaste sien ons daarin dat die woorde ek en my nie hierin voorkom nie, maar net die woord ons: ons bid tot **ons** Vader vir ons daaglikse brood, vir die vergewing van ons sondes en dat **ons** nie in versoeking gelei moet word nie. Ek bid dus vir my én my medemens, en in besonder vir my medegelowiges.

2.3 ONS NOOD EN ELLENDE REG KEN.

Wie hierdie gebed in alle erns bid, toon daarmee dat hy sy nood en ellende reg ken: hy ken sy stoflike behoeftes soos blyk uit die gebed om brood; maar hy ken ook sy geestelike behoeftes, want hy bid om die vergewing van sy sondes en om bewaring teen die verleiding en versoeking deur die duiwel.

2.4 VERTROUEND BID.

Die vertroue waarin hier gebid word, word veral daarin geopenbaar dat ons God hierin aanspreek as ons Vader. As 'n kind hier op aarde in vertroue na sy vader kan gaan en hom om hulp kan vra, kan ons met baie meer vertroue na ons hemelse Vader gaan en Hom vra wat ons nodig het. Want as Hy bereid was om sy eie Seun te gee om ons te verlos, dan sal Hy ook mos verder aan ons alles gee wat ons nodig het (Rom. 8:32). Bowendien leer Christus ons dat die versorgende liefde van ons hemelse Vader die van 'n aardse vader ver te bowe gaan (Matt. 7:11). Daarom kan ons in volle geloofsvertroue bid: "Onse Vader ..."

2.5 DIE REGTE VERHOUDING TUSSEN GEESTELIKE EN LIGGAAMLIKE BEHOEFTE.

In hierdie gebed kry ons ook die regte verhouding tussen die geestelike en liggaamlike behoeftes. Van die laaste drie bedes wat spesifiek handel oor die behoeftes van die mens, is slegs **een** daarvan op ons stoflike behoeftes gerig (die vierde) en **twee** op ons geestelike behoeftes (die vyfde en sesde).

2.6 KORT EN SAAKLIK.

Hierdie gebed is kort en saaklik en ons vind daarin geen ydele herhaling van woorde waarteen Christus gewaarsku het nie (Matt. 6:7).

HOOFSTUK 4

DIE AANSPRAAK VAN DIE ONSE VADER

1. ONS MOET GOD "ONS VADER" NOEM.

1.1 DIS 'N VOORREG OM GOD SO TE NOEM.

Heidelbergse Kategismus Vraag en antwoord 120.

Vraag 120: Waarom het Christus ons beveel om God as ons Vader aan te spreek?

Antwoord: Sodat Hy heel aan die begin van ons gebed in ons die kinderlike vrees en vertroue op God sal wek. Dit moet die grond van ons gebed wees, naamlik dat God deur Christus ons Vader geword het, en dat Hy ons veel minder dit wat ons van Hom in die geloof bid, sal weier as wat ons vaders aardse dinge ons ontsê (a).

(a) [Mat. 7:9-11](#); [Luk. 11:11-13](#).

Dat ons, wat nietige en skuldige sondears is, die ewige, almagtige en heilige God ons Vader kan noem en onself sy kinders, is 'n voorreg wat so groot is dat ons dit nie met woorde kan beskryf nie. Daarom kon Johannes ook sê: "Kyk wat 'n groot liefde die Vader aan ons bewys het dat ons kinders van **God** genoem kan word" (1 Joh. 3:1).

Daar is geen ander god wat deur die mense in hulle dwaasheid uitgedink is, wat in hierdie opsig naastenby met die enige, ware God vergelyk kan word nie. Die Boeddhiste ken geen hemelse vader nie, want hulle god is maar net 'n vae, onbegryplike, onpersoonlike wese. Ook die god van Mohammedane is geen vader nie, want hy handel slegs volgens die wette van die "ewige noodlot".

Maar ons God is om Christus ontwil ons Vader. Dit beteken dat die troue sorg van 'n aardse vader en die tere liefde van 'n aardse moeder in Hom verenig en duisend maal verhoog is. Ons het 'n God met wie ons die aangenaamste, persoonlike omgang kan hê — baie intiemer as 'n kind met sy aardse vader of moeder.

Wat die voorreg nog soveel groter maak, is die feit dat ons van nature, vanweë ons sonde, vyande van God was. Maar deur die borgtogtelike lyde en soenverdienste van Christus het Hy vir ons die reg en voorreg verwerf om kinders van God te word sodat ons Hom ons Vader kan noem.

1.2 DIT IS 'N BEVEL OM GOD SO TE NOEM.

Hoewel dit 'n groot voorreg is om God ons Vader te noem, is dit ook 'n bevel. Christus het immers gesê: "So moet julle dan bid: Onse Vader wat in die hemele is . . ." En die Kategismus beklemtoon ook dat Christus ons beveel het om God so aan te spreek (vraag 120).

1.3 DIE REDES WAAROM ONS GOD SO MOET NOEM.

Die redes waarom ons God ons Vader moet noem, is die volgende:

1.3.1 Om eerbied en vertrouwe teenoor God in ons te wek.

As ons God aanspreek as "Onse Vader", moet hierdie aanspreekvorm ons kinderlik eerbiedig teenoor God maak en 'n ware geloofsvertroue op God gee.

Ook in ons gebede moet ons onthou dat Christus gesê het: "Voorwaar, Ek sê vir julle, as julle nie verander en soos kindertjies word nie, sal julle nooit in die koninkryk van die hemele ingaan nie" (Matt. 18:12). Daarom moet ons leer om kinderlik te bid: ek moet bid in die wete dat ek God se kind is.

Nou is daar twee dinge wat onafskeidelik aan kindskap verbonde is, en dit is eerbied — wat in die Kategismus vrees genoem word — en vertrouwe. 'n Kind wat waarlik kind is, het eerbied vir sy vader, respekteer hom en tree met agting teenoor hom op. Maar so 'n kind het ook vertrouwe in sy vader: wat hy nooit aan iemand anders sal sê nie, sal hy met vertrouwe aan sy vader sê. Die kinderlike eerbied laat die kind sê: Vader sal beslis oor hierdie of daardie saak. Die kinderlike vertrouwe laat hom sê: Vader sal só oor die saak beslis dat dit uiteindelik vir my die beste is, ook al gee hy my nie wat ek van hom vra nie.

As hierdie gesindheid by ons is as ons tot ons hemelse Vader bid, sal baie van die skynbaar onverhoorde gebede vir ons geen probleem wees nie, want ons sal besef: ons Vader weet wat vir ons die beste is; daarom gee Hy soms nie aan ons wat ons van Hom vra nie, omdat dit wat ons gevra het nie vir ons goed is nie.

As ons met eerbied bid, sal ons God nie hiet en gebied in ons gebede nie, maar kinderlik vra en smee. As ons met vertrouwe bid, sal ons gebede nie 'n sprong in die donker wees nie, maar 'n roepstem om hulp van 'n kind na sy Vader wat wil en sal luister.

1.3.2 Om sy liefde vir ons steeds te beklemtoon.

God wil hê dat ons Hom as ons Vader moet aanspreek om sy liefde vir ons op die wyse steeds te beklemtoon. Dit blyk duidelik uit die reeds genoemde woorde van Johannes: "Kyk wat 'n groot liefde die Vader aan ons bewys het dat ons kinders van God genoem kan word" (1 Joh. 3:2).

1.3.3 Vanweë die eenvoud daarvan.

Die naam Vader is so begryplik dat selfs die kleinste kindjie dit kan verstaan en 'n duidelike begrip kan vorm van dit wat daarmee bedoel word.

2. DIE GROND VIR DIE VERHORING VAN ONS GEBEDE.

God verhoor nie ons gebede omdat ons sulke liewe en gehoorsame kinders is nie. Beslis nie! Die grond vir die verhooring van ons gebede lê in die soenverdienste van Jesus Christus. Omdat God ons Vader deur Christus geword het, daarom verhoor Hy ons gebede. Daarom sê Christus ook: "Alles wat julle die Vader sal vra in my Naam, sal Hy julle gee" (Joh. 16:23). Ter wille van die borgtogtelike lyde en sterwe van Christus, kan nou ook aan ons gesê word: "Soos 'n vader hom ontferm oor die kinders, so ontferm die Here Hom oor die wat Hom vrees" (Ps. 103:13).

3. DIE ROEPING WAT DIE AANSPREEK VAN GOD AS ONS VADER OP ONS PLAAS:

Deur God aan te spreek as "onse Vader" word daar ook 'n hoë en heilige roeping op ons geplaas, naamlik **dat ons ook moet lewe soos sy kinders.**

As ons lewe soos hulle wat die duiwel as vader het en die werke van daardie vader doen, en God dan tog as "onse Vader" aanspreek, dan lieg ons en druk God sy ore toe reeds aan die begin van ons gebed. As ons nie werklik soos God se kinders lewe nie of altans met alle

mag probeer om dit te doen nie, kan ons God eintlik nie aanspreek as "onse Vader" nie, behalwe as ons wil huigel.

Vanselfsprekend sal elke ware gelowige huiwer om God as Vader aan te spreek as hy na sy eie sondige hart en lewe kyk. Maar as hy dan in die geloof sien hoe Christus die weg na God se Vaderhart geopen het, sal hy met innige dankbaarheid weet dat hy ter wille van die soenverdienste van Christus, God tog as Vader kan aanspreek.

4. ONS VADER IS IN DIE HEMEL.

Heidelbergse Kategismus vraag en antwoord 121.

Vraag 121: Waarom word hier bygevoeg: wat in die hemel is?

Antwoord: Sodat ons van die hemelse majesteit van God nie aards moet dink nie (a) en van sy almag alles verwag wat ons vir liggaam en siel nodig het (b).

(a) [Jer. 23:23-24](#); [Hand. 17:24-25](#), [Hand. 17:27](#).

(b) [Rom. 10:12](#).

Die byvoeging van die woorde "wat in die hemele is", wil veral twee sake by ons inskerp.

4.1 ONS MOENIE AARDS VAN GOD DINK NIE.

Dit kan so maklik gebeur dat ons God met ons menslike mate probeer meet. Dan maak ons of Hy ook 'n mens is en daarom ook soos 'n mens beoordeel kan word. Dan dink ons dat Hy partydig, onbillik, hard, onregverdig, ens. is.

Maar nou word die woorde "wat in die hemele is" bygevoeg om aan al dergelike gedagtes 'n end te maak. Want hierdie woorde moet ons dadelik laat dink aan 'n ander uitspraak van God in sy Woord: "Soos die hemel hoër is as die aarde, so is my weë hoër as julle weë en my gedagtes as julle gedagtes (Jes. 55:9).

Ons verstaan die hoë gedagtes van God nie altyd nie, net soos 'n kind hier op aarde nie altyd die gedagtes van sy vader verstaan nie. Maar juis daarom word van ons eerbied en vertroue gevra as ons tot God nader. Al is sy gedagtes so geweldig hoog, vir sy kinders is dit altyd gedagtes wat die goeie vir hulle beoog, en hiernamaals sal ons God altyd prys vir hierdie wyse en goeie gedagtes van Hom oor ons.

4.2 ONS MOET WEET DAT HY DIE ALMAGTIGE IS.

Die byvoeging "wat in die hemele is", dien ook om ons te wys op die almag van God. Hy wat in die hemel is, is tog Skepper en Regeerder van alle dinge en niks is vir Hom onmoontlik nie.

So word reeds by die begin van ons gebed getoon dat ons Vader die almagtige God is wat geen ding wat ek van Hom vra, nie kan doen as Hy dit wil doen nie. Hy kan my verlos uit doodsgeware. Hy kan my laat gesond word as die dokters my klaar as 'n hopelose geval opgegee het.

So word die almag van ons hemelse Vader aan ons voorgehou om ons kinderlike vertroue op Hom nog meer te versterk.

HOOFSTUK 5

DIE EERSTE BEDE

"Laat u Naam geheilig word"

Heidelbergse Kategismus Sondag 47

Sondag 47

Vraag 122: Wat is die eerste bede?

Antwoord: Laat u Naam geheilig word. Dit is: Gee allereers dat ons U reg ken (a) en dat ons U heilig, roem en prys in al u werke waarin u almag, wysheid, goedheid, geregtigheid, barmhartigheid en waarheid so skitter (b). Gee verder dat ons ons hele lewe, gedagtes, woorde en werke daarop sal rig dat u Naam nie om ons ontwil gelaster nie, maar geëer en geprys word (c).

(a) [Joh. 17:3](#); [Jer. 9:24](#); [Jer. 31:33-34](#); [Mat. 16:17](#); [Jak. 1:5](#); [Ps. 119:105](#).

(b) [Ps. 119:137](#); [Luk. 1:46-47](#), [Luk. 1:68-69](#); [Rom. 11:33](#).

(c) [Ps. 71:8](#); [Ps. 115:1](#).

1. HIERDIE BEDE IS 'N SKULDBELYDENIS.

Hierdie eerste bede is nie net 'n **gebed** nie maar ook 'n **skuldbelydenis**.

Ons verstaan dit eers as ons daaraan dink dat dit in die Paradys vóór die sondeval nie gebid is nie en in die hiernamaals op die nuwe aarde ook nie gebid sal word nie.

Deur die leuen van Satan in die Paradys en die mens se gehoorsaamheid aan hierdie leuen is 'n onheilige fontein geopen met 'n stroom wat die hele aarde oorspoel; en oral waar dit gekom het, het dit God se heilige Naam beklad en onheilig. Deur die sonde is God op die agtergrond geskuif sodat sy Naam nie meer oral geheilig, geëer en geprys word nie. Meesal ontvang die Eie Ek die eer wat God moet ontvang.

Deur hierdie eerste bede bely ons nou eintlik: Vader, u Naam beteken in werklikheid tog so vreeslik min in my lewe. My eie naam of die name van regeringshoofde of bestuurders is dikwels by my hoër aangeskrewe as u Naam. Vergeef ons dat dit so is en help ons arme sondaars dat u Naam weer die regte plek in ons lewens sal inneem.

2. GEEN VOLGORDE NIE MAAR LEWENSHOUDING.

Dat daar juis in die eerste bede gebid word vir die heiliging van God se Naam, is nie maar net 'n blote volgorde nie maar dit openbaar 'n lewenshouding; die eer van God se Naam moet altyd die eerste plek in ons lewens en ons gebede inneem. Daarom bid ons nie in die eerste plek vir dit wat ons nodig het of graag wil hê nie — dit kom later! — maar dat God se Naam geëer en geprys moet word.

3. DIE WOORDE "NAAM" EN "HEILIG".

Die woord "Naam" het hier nie die betekenis wat dit meesal onder ons as mense het, naamlik om iemand te identifiseer of van ander te onderskei nie. Met die Naam van God word hier God self bedoel. Ons bid dus in hierdie eerste bede dat God self geheilig moet

word.

Die woord "heilig" het 'n negatiewe en positiewe betekenis. Negatief beteken dit 'n afkeer, 'n afsondering, 'n apartheid van alles wat sondig, boos en verkeerd is waardeur God oneer aangedoen kan word. Positief beteken die heiligheid van God dat sy deugde of sy eienskappe, sy goedheid, genade, liefde, ens., soos die strale van die son oor alles en almal moet skyn.

Deur die gebed dat die Naam van God geheilig moet word, wil ons **enersyds** as't ware 'n ringmuur rondom die Naam van God vorm om die ontheiliging daarvan te voorkom. **Andersyds** wil ons deur hierdie gebed alle sondige deure, gordyne en versperrings oopruk en omgooi sodat die helder strale van sy almag, goedheid, wysheid, barmhartigheid ens. die wêreld kan inskyn en almal dit kan sien en kan uitroep: "O Here, onse Here, hoe heerlik is u Naam op die ganse aarde!" (Ps. 8:2).

Ons wil as ware gelowiges graag hê dat God se Naam geheilig, geëer en geprys moet word omdat Hy in Christus so 'n groot liefde teenoor ons geopenbaar het.

4. ONS MOET GOD REG KEN.

Uit die voorgaande moes dit reeds vir ons duidelik geword het dat ons God alleen kan heilig en eer as ons Hom reg ken. Onder ons as mense is dit tog ook so. As ek iemand sleg ken, koester ek maklik verkeerde gedagtes oor hom of haar, terwyl nadere kennismaking my dikwels laat besef hoe verkeerd ek was.

Veel meer is dit so met God. Uit die regte kennis van God vloei die heiliging van sy Naam voort, net soos 'n slegte kennis van Hom noodwendig moet lei tot 'n ontheiliging van sy Naam, want dan kan ons so maklik verkeerde dinge aan Hom toeskryf.

Daarom moet ons God reg ken. En omdat die Bybel die vernaamste bron is waaruit ons kennis van God kan kry, moet ons voortdurend volhard in die studie en ondersoek van die Skrif. Daaruit sal ons sy almag en grootheid, maar ook sy liefde, trou, goedheid, verdraagsaamheid, ens. teenoor ons leer ken.

In die lig van die Skrif leer ons God ook uit die natuur ken. Sy wysheid in die plante- en dierewêreld; sy grootheid en almag in die skepping en onderhouding van alles; hoe Hy die verloop van die geskiedenis van die mens gestuur en gelei het — dit alles en baie meer sal ons dan daartoe bring om Hom te eer en te prys.

In hierdie eerste bede bid ons nou dat God ons moet help om Hom reg te ken sodat ons Hom kan heilig en eer soos ons dit behoort te doen.

5. ONS MOET GOD EER EN PRYS.

As ons God uit sy Woord en werke leer ken het, moet ons Hom ook bewustelik heilig, eer en prys. Die kennis van die hart moet oorgaan in 'n roem met die mond.

As ek God se liefde en barmhartigheid sien wat Hy in Christus aan my bewys het, dan moet ek daarvan **praat**, ek moet **vertel**: Kyk wat 'n groot liefde die Vader aan my bewys het dat Hy my deur Christus tot sy kind aangeneem het sodat ek ook eenmaal die ewige saligheid kan binnegaan (1 Joh. 3:1).

As ek iets in die natuur sien wat wonderlik mooi is: 'n waterval, 'n hoë berg, aangrypende blommeprag, ens., dan moet ek sê: Dit is die grootheid en almag en wysheid van God. As ek na 'n reis veilig tuisgekome het, moet ek sê: Dit is die goedheid en bewaring van die Here.

En nou bid ek in hierdie eerste bede dat die Here my moet help om Hom werklik so te kan eer en prys.

6. ONS MAG GEEN OORSAAK VAN DIE ONTHEILIGING VAN GOD SE NAAM WEES NIE.

Deur hierdie bede vra ons die Here dat Hy ons daarvoor moet bewaar dat sy Naam nie deur ons handel en wandel ontheilig word nie.

Dit kan so maklik gebeur.

As ons oneerlik is, laster, lieg, kul, vuil praatjies verkoop, ens., dan doen ons *nie net self God 'n oneer aan nie*, maar dan word ons ook die oorsaak dat ander dit doen, want dan sal hulle sê: As mense wat sê dat hulle God dien, só lewe en handel, dan wil ek God liefs glad nie dien nie. Dan word ons vir hulle struikelblokke op die pad na God toe.

Daarom moet ons ons woorde tel en weeg. Ons moet ons dade keur. Ons moet in die geloof besin voor ons begin. Die mense moet Christus in ons lees en God se Naam verheerlik. Daarvoor bid ons hier.

7. OOK HIERIN NAVOLGERS VAN CHRISTUS.

As ons doen wat op grond van die eerste bede van ons gevra word, soos hierbo aangedui, sal ons ook navolgers van Jesus Christus word. Want tydens sy omwandeling op aarde het Hy negatief die ontheiliging van God se Naam beveg en positief gestry vir die heiliging daarvan.

Om Christus ontwil sal ons ook eenmaal die nuwe aarde mag betree waar die Naam van die Here sonder enige belemmering oral en altyd geheilig en geprys sal word.

HOOFSTUK 6

DIE TWEDE BEDE

"Laat u koninkryk kom"

Heidelbergse Kategismus Sondag 48.

Sondag 48

Vraag 123: Wat is die tweede bede?

Antwoord: Laat u koninkryk kom. Dit is: Regeer ons so deur u Woord en Gees dat ons ons hoe langer hoe meer aan U onderwerp (a). Bewaar u kerk en laat dit groei (b). Vernietig die werke van die duiwel, elke mag wat teen U opstaan, en alle kwaadwillige planne wat teen u heilige Woord bedink word (c), totdat die volkommenheid van u ryk kom (d), waarin U alles in almal sal wees (e).

- (a) [Ps. 143:10](#); [Ps. 119:5](#); [Mat. 6:33](#).
- (b) [Ps. 51:20](#); [Ps. 112:6](#).
- (c) [1Joh. 3:8](#); [Rom. 16:20](#).
- (d) [Openb. 22:20](#); [Rom. 8:22-23](#).
- (e) [1Kor. 15:28](#).

1. GOD SE KONINKRYK IS TEENWOORDIG MAAR KOM OOK NOG.

Ons weet dat God Koning is oor alles. Hy regeer en bepaal alles, en teen sy wil kan niemand hom roer of beweeg nie. In hierdie lig beskou, is God se koninkryk reeds teenwoordig en is dit nie nodig om te bid dat dit nog moet kom nie.

In die tweede bede word die koninkryk van God egter nie vanuit hierdie oogpunt beskou nie. Hier word dit gesien in die lig van die koms van die sonde en die verlossing van sonde deur Christus.

Voor die sondeval het almal op aarde spontaan die wil van God, die ewige Koning, gedoen. Satan het hierdie harmonie egter versteur toe hy die mens verlei het tot opstand teen God. Toe het God Hom as't ware van die aarde na die hemel teruggetrek, omdat die mens met sy sondige wil steeds geneig was om Satan meer gehoorsaam te wees as vir Hom. In die hemel was daar nog 'n volmaakte en gewillige gehoorsaamheid aan God. Daarom word daar in die Nuwe Testament ook dikwels van die koninkryk van God gepraat as die koninkryk van die hemele.

Maar God het nie vir altyd sy rug op die aarde gedraai nie. Die aarde moes weer ten volle sy ryksgebied word. Maar dan moes die koninkryk van God vanuit die hemel na die aarde oorgeplant word. Dit het gebeur in die volheid van die tyd met die koms van Christus, nadat God sy koms eers voorberei het deur sy besondere verkiesing en leiding van Israel as sy verbondsvolk.

As Johannes die Doper begin optree, kondig hy ook die koms van hierdie koninkryk aan deur aan Israel te sê: "Bekeer julle want die koninkryk van die hemele het naby gekom" (Matt. 3:2).

Met Christus daal die koninkryk van God weer op die aarde neer. Toe is dit weer officieel gevestig om die mensdom daartoe te bring om God gewillig en met vreugde te dien.

Christus het die koninkryk gevestig deur sy geboorte, prediking, wonders, lyde en sterwe, opstanding uit die dood, uitstorting van die Heilige Gees en die opdrag aan sy apostels en sy kerk om die evangelie van die koninkryk te gaan verkondig. So moes daar altyd meer mense daartoe gebring word om hulle aan sy koningskap te onderwerp.

Christus het die ryk van God hier op aarde dus nie so gevestig dat dit meteens in sy volle grootheid en heerlikheid tot openbaring kom nie, maar so dat dit geleidelik groei en eers met sy wederkoms sy volkomenheid sal bereik.

So is die koninkryk van God reeds hier op aarde maar **kom** dit ook nog in sy volheid en grootheid by sy wederkoms.

Ons sien dit veral duidelik in Christus se gelykenis van die saad waartussen die onkruid gesaai is (Matt. 13:24-30 en 36-43). Die koninkryk is reeds teenwoordig in die saad wat gesaai is en groei, maar bereik sy volkomenheid as die oes ingesamel en die onkruid verbrand word.

En as Christus ons nou leer om te bid: "**Laat u koninkryk kom**", dan wil Hy hê dat ons biddend moet worstel vir die groei en bloei en vooruitgang van die koninkryk van God op hierdie sondige wêreld tot die voleinding kom wanneer die slaweryk van Satan geheel en al vernietig sal word en een en almal daartoe sal kom om God as Koning te erken.

2. GOD SE KONINKRYK IN MY HART.

Waar is die sterkste vesting van Satan en die sonde in die wêreld? In Sodom, Babel, Hollywood of Johannesburg? Is dit in sport, kleredrag, geld, die kommunisme, die kapitalisme, ens.?

Nee, dit is in die **hart** van die mens.

Daarom, as God sy koninkryk hier op aarde wil vestig, begin Hy deur beslag te lê op die hart van die mens (Spr. 4:23). Hy moet as Koning heers in die hart van die mens en die vyand dáár oorwin.

As ons dus bid dat God se koninkryk moet kom, is die gebed nie net op die ongelowiges gerig nie, maar ook op onself. Ons Kategismus toon dit duidelik aan as dit sê dat ons met hierdie tweede bede in die eerste plek bid: "Regeer ons so deur u Woord en u Gees dat ons hoe langer hoe meer ons aan U sal onderwerp" (antw. 123).

Ons is wel onderdane van ons Koning, maar dikwels sulke slegte en opstandige onderdane wat net wil staak as ons Koning na ons sin te veel van ons eis. Daarom bid ons hier dat God van ons steeds beter onderdane moet maak wat ons sonder voorbehoud aan Hom sal onderwerp en Hom met groter gewilligheid en oorgawe sal dien. Ons vra die Here hier om ons te help om "hoe langer hoe meer" aan sy wil gehoorsaam te wees.

3. GOD REGEER ONS DEUR SY WOORD EN GEES.

Ons bid hier dat die Here ons deur sy Woord en Gees moet regeer.

Dit is ook te verstane, want in die Woord, die Bybel, vind ons die wil van ons Koning. Nêrens anders kan ons dit vind nie. Daarom moet ons dit gereeld lees, bestudeer en na die verkondiging daarvan luister, sodat ons kan weet wat ons Koning wil hê dat ons moet doen. En nou bid ons hier dat die Here ons moet help om dit behoorlik en getrou te doen.

Die Here moet ons egter nie net deur sy Woord regeer nie maar ook deur sy **Gees**.

Ons mag die Here nie net op skynheilige wyse slegs uiterlik dien nie, want dit haat Hy (Joël 2:13; Jes. 29:13,14). Daarom smee ons hier dat God deur sy Gees in ons harte moet werk en ons van harte gewillig moet maak om te doen wat Hy in sy Woord beveel. Die Gees moet die uitvoering van God se gebooe vir ons 'n vreugde maak.

4. BEWAAR EN VERMEERDER U KERK.

In die tweede bede word spesifiek vir die **kerk van die Here** gebid. Die kerk kan immers die leër van die Godsryk genoem word, en dit behoort 'n strydende leër te wees.

In hierdie stryd moet daar **verdediging** teen die aanvalle van Satan wees, maar ook aanvalle op sy ryk om dit te verower. Daarom bid ons in die tweede bede ook: "**Bewaar en vermeerder u kerk**" (Kategismus antw. 123).

Allereers moet dit **bewaar** of beskerm word.

As ons oë oopgegaan het om die geweldige gevare te sien wat die kerk bedreig, sal ons die Here nooit genoeg kan bid om sy kerk te bewaar nie. Daar is die gevare van wêreldgelykvormigheid, vervlakking, verleiding, vervolging, onbekwame en ontroue ampsdraers, miskennings van die Woord, liefdeloosheid, ens., ens. Ons bid hier dat die Here ons van al hierdie en ander gevare moet bewaar.

Maar ons bid ook dat die kerk **vermeerder** moet word: dit moet groei en uitbrei.

Daarom vra ons hier dat die Here aan ons kinders sal gee wat op die pad van die geloof sal voortgaan. Ons vra dat deur sending en evangelisasie sy koningskap uitgebrei moet word na die heidene en na verlore seuns en dogters. Ons vra dat nuwe harte en nuwe terreine vir God verower mag word.

5. VERNIETIGING VAN DIE WERKE VAN DIE DUIWEL.

Uiteindelik smee ons die Here dat sy koninkryk so mag voortgaan dat die ryk en die werke van die duivel oral op die hele aarde vernietig moet word. Ons vra dat dit vernietig moet word in ons eie lewe en in dié van ander.

In besonder bid ons hier dat die Here die bose planne van die duivel, wat hy teen **die Woord van God beraam**, vernietig moet word. Satan weet watter sentrale plek die Woord van God in die kerk en in die lewe van die gelowiges inneem. As hy dus die aansien wat ons vir die Woord het, kan laat afneem, of die Woord kan vervals en verdraai sodat 'n valse leer verkondig word, dan het hy al baie ver gevorder om die mag van die kerk te breek. Daarom bid ons die Here hier dat Hy sy Woord moet beskerm teen al hierdie aanslae van Satan sodat dit op groot skaal versprei kan word en ongehinderd en onvervals van die een persoon aan die ander en van die een geslag aan die ander oorgedra kan word.

6. DIE VERVULLING VAN HIERDIE BEDE.

In die tweede bede bid ons ook dat God se koninkryk kragtig sal voortgaan totdat dit eenmaal in sy volkomenheid sal kom wanneer God alles sal wees in almal.

Hier word dus die vaste geloofsvertroue uitgespreek dat die hele ryk van die duivel eenmaal vernietig **sal** word. Elke knie **sal** voor Hom buig en elke tong **sal** bely dat Hy die ware Koning en Heerser is (Fil. 2:10,11; 1 Kor. 15:28). Die hele aarde sal vol wees van die heerlijkheid van God (Jes. 6:3; Openb. 21:23). Dit alles sal gebeur by die wederkoms van Christus en die voltooiing van sy verlossingswerk.

So is die bede: "**Laat u koninkryk kom**", ook 'n smeking dat Christus moet kom en die heerlijkheid moet kom bevestig waarvan geskryf is »n Openb. 21: "Kyk, die tabernakel van God is by die mense, en Hy sal by hulle woon, en hulle sal sy volk wees; en God self sal by hulle wees as hulle God. En God sal al die tranes van hulle oë afvee, en daar sal geen dood meer wees nie; ook droefheid en geweens en moeite sal daar nie meer wees nie, want die eerste dinge het verbygaan (Openb. 21:3,4).

As dié oomblik aanbreek, het die tweede bede sy volkome vervulling gevind.

HOOFSTUK 7

DIE DERDE BEDE

"Laat u wil geskied, soos in die hemel net so ook op die aarde".

Heidelbergse Kategismus Sondag 49

Sondag 49

Vraag 124: Wat is die derde bede?

Antwoord: Laat u wil geskied, soos in die hemel net so ook op die aarde. Dit is: Gee dat ons en alle mense ons eie wil prysgee (a) om aan u wil, wat alleen goed is, sonder enige teëpraterij gehoorsaam te wees (b), sodat elkeen sy amp en beroep net so gewillig en getrou kan beoefen en uitvoer (c) soos die engele in die hemel (d).

- (a) [Mat. 16:24](#); [Tit. 2:11-12](#).
- (b) [Luk. 22:42](#); [Ef. 5:10](#); [Rom. 12:2](#).
- (c) [1Kor. 7:24](#).
- (d) [Ps. 103:20-21](#).

1. LAAT U WIL GESKIED - TWEE BETEKENISSE.

Die bede: "**Laat u wil geskied**," het vir die gelowige gewoonlik twee betekenisse.

Die **eerste betekenis** is wanneer ons van God iets vra wat op sigself nie verkeerd en sondig is nie, maar wanneer ons besef dat dit moontlik is dat God se wil anders is as ons wil. Ons kan dit aan die hand van 'n voorbeeld so verduidelik:

'n Geliefde word ernstig siek en ons bid vurig en ernstig dat God hom of haar moet genees — en dit is beslis nie verkeerd of sondig om dit te bid nie. Maar ons besef ook dat God beter as ons weet wat vir die betrokke persoon die beste is: om te lewe of om te sterwe. Daarom bid ons om genesing van die persoon, maar ons bid ook: "Laat u wil geskied". Dan dra ons biddend ons wense en begeertes aan God oor, maar tog probeer ons nie ons wil op Hom afdwing nie, maar laat die finale beslissing aan God oor omdat Hy weet wat vir elkeen van ons uiteindelik die beste is.

So het Christus ook gebid in Getsémané: "My Vader, as dit moontlik is, laat hierdie beker by My verbygaan. Laat nogtans nie my wil nie, maar u wil geskied!" (Matt. 26:39; Luk. 22:42).

Die **tweede betekenis** van die gebed: "**Laat u wil geskied**," is wanneer ons wil in stryd is met God se wil en daarom sondig is. Dan vra ek in hierdie bede dat God my moet help om van my eie, sondige wil af te sien en net te doen wat Hy wil hê dat ons moet doen.

Volgens die verklaring van die Kategismus het ons in die derde bede van die Onse Vader met hierdie tweede betekenis te doen en nie met die eerste betekenis nie.

2. GOD SE WIL - ONS VOEDSEL OF ONS NAGEREG?

Christus het gesê: "My voedsel is om die wil te doen van Hom wat My gestuur het en om sy werk te voltooi" (Joh. 4:34).

Daarmee sê Christus dat die plek en betekenis wat kos normaalweg in 'n mens se lewe inneem, so 'n plek neem die doen van God se wil in sy lewe en werk in. En dieselfde moet

ook van ons gesê kan word, want dieselfde gesindheid wat daar in Christus Jesus was, behoort ook in ons te wees (Fil. 2:5). En hoe noodsaaklik dit is om altyd die wil van God te doen, sien ons onder andere in die volgende uitspraak van Christus: "Nie elkeen wat vir My sê: Here, Here! sal ingaan in die koninkryk van die hemele nie, **maar hy wat die wil doen van my Vader wat in die hemele is**" (Matt. 7:21).

En as ons aan Christus verbonde is soos die ranke aan die wingerdstok, dan sal dit ook ons voedsel wees om die wil van ons hemelse Vader te doen.

So **moét** dit wees, maar ons moet bely dat dit in werklikheid **nie so is nie**.

Met die oog op ons eie lewe moet ons erken dat ons die woord **voedsel** dikwels met **nagereg** vervang het, sodat die uitspraak lui: Dit is my **nagereg** om die wil van my hemelse Vader te doen. Of, om dit nog duideliker aan te dui: Dit is my **voedsel** om te doen wat **EK** wil en my **nagereg** om te doen wat **GOD** wil.

Die implikasie hiervan is dit: Ek lewe soos ek wil. Ek rig my lewe in volgens my eie sondige idees. Maar net soos 'n nagereg aan 'n gewone maaltyd 'n aangename afronding gee, so voeg ek by 'n lewe volgens my eie wil 'n ekstrasjiek by waarin ek die wil van God doen — 'n bietjie uit die Bybel lees, 'n gebed voor ek gaan slaap, 'n erediens bywoon, of die voorneme om God te dien as ek eendag oud geword het. Op die wyse sus ek my gewete en kry my lewe in die oë van ander mense 'n ordentlike kleur: hulle beskou my nog as 'n gelowige en 'n Christen.

Maar Christus sê dat die wat so lewe die koninkryk van God nie sal binnegaan nie (Matt. 7:21).

Teen hierdie agtergrond sien ons die verskriklike erns van die derde bede: "**Laat u wil geskied, soos in die hemel net so ook op die aarde**". En volgens ons Kategismus vra ons ons hemelse Vader daarmee: "Gee dat ons en alle mense **ons eie wil versaak, om aan u wil, wat alleen goed is, sonder enige teëspraak gehoorsaam te wees**".

Ons vra ons Vader dus om ons te help om af te sien van ons eie wil en net volgens sy wil te lewe en te handel.

3. DIE ERKENNING DAT NET GOD SE WIL REG IS.

In die Kategismus word gesê dat **alleen God se wil goed is**. Daarmee erken en bely ons dat ons eie wil in homself sondig, verkeerd en nie op God gerig is nie. En die navolging van so 'n wil beteken ons ewige straf.

Daarom kan ons nie anders nie as om God te vra om ons te help om van ons eie wil af te sien en sy wil, wat alleen goed is, sonder enige teëspraak gehoorsaam te wees. God se wil moet die voedsel — die voorgereg, hoofereg en nagereg — van my lewe wees. Want alleen deur sy wil te doen, kan ek die koninkryk van die hemele beërwe.

Met hierdie derde bede bid ons dus eintlik teen onself in. Ons bid die Here om in ons dieselfde gesindheid te laat ontstaan wat daar by Paulus was by sy bekering op die pad na Damaskus, toe hy aan die Christus gevra het: "**Here, wat wil U hê moet ek doen?**" (Hand. 22:10; vgl. ook Hand. 9:6). Ons vra die Here om ons wil om te buig sodat dit weer één is met God se heilige wil, en dié wil van Hom dan ook van harte te doen.

4. DIE OOG OP CHRISTUS.

Ons kan hierdie gebed nie bid sonder om te glo dat Christus ook vir ons sondes ten volle betaal het nie. Want ons bid wel dat God ons moet help om ons eie wil te versaak en sy wil, wat alleen goed is, sonder enige teëspraak te doen. Maar vanweë ons sondige aard moet ons aan die einde van elke dag bely dat ons die wil van God so dikwels versaak, geïgnoreer of daarvan net 'n nagereg gemaak het. En as God my daarvolgens moet oordeel, weet ek dat die ewige straf op my wag.

Maar biddend kyk ek dan na Hom wat gesê het dat dit sy voedsel is om die wil van sy Vader te doen, want Hy was volmaak gehoorsaam aan God. En ter wille van die volmaakte gehoorsaamheid het Hy die verskriklikste lyde en smarte deurgemaak en moes Hy ook sterwe. Maar dit was 'n **borgtogtelike** lyde en sterwe: op die wyse het Hy betaal vir al die kere toe ons God se wil nie gedoen het nie. En as ons in Hom glo, Hom liefhet en dien, dan sien God ons aan as gewastes in sy bloed en reken Hy ons ons sonde nie toe nie.

Dit moet ons aanspoor om ons uit dankbaarheid nog meer in te span om aan God gehoorsaam te wees en dit ons voedsel te maak om die wil van ons Vader te doen.

5. ONS AMP EN BEROEP.

Volgens die Kategismus smee ons ons Vader in hierdie bede ook om ons te help om ons amp en beroep so gewillig en getrou te beoefen en uit te voer as wat die engele in die hemel dit doen.

Hier word duidelik aangedui dat ons die Here nie net moet dien in allerlei buitengewone dinge nie, maar juis in ons gewone, alledaagse lewe: in ons werk, by ons huise, in ons ontspanning, ens. In alle voorkomende sake moet ek my openbaar as 'n Christen wat nie my wil nie maar God se wil wil doen.

Die woorde amp en beroep het nie dieselfde inhoud nie.

Deur die woord amp word ons daaraan herinner dat ons in die amp van die gelowige staan. Dit beteken:

- dat ons as profete altyd deur woord en daad en voorbeeld die verlossing in en deur Jesus Christus moet verkondig en ons nie vir sy evangelie moet skaam nie; dat ons as **priesters** onself as lewende dankoffers aan God moet toewy, barmhartigheid aan ons medemens moet bewys, vir hom moet bid en vir hom tot 'n seën moet wees;
- dat ons as **konings** met 'n vrye en goeie gewete moet stry teen die sonde in ons eie lewe en in die van ander, en dat ons moet stry vir die uitbreiding van God se koninkryk.

In die derde bede vra ons die Here om ons te help om hierdie amp van die gelowige so gewillig en getrou te beoefen en uit te voer as wat die engele in die hemel die werk doen wat aan hulle opgedra word (Ps. 103:20).

Met die woord **beroep** word ek verplaas na my daaglikse arbeid in die beroep waarin ek staan. Dit maak nie saak wat my beroep is nie — onderwyser, prokureur, klerk, minister, bouer, huisvrou, tuinier, ens., ens. — ek moet dit so getrou doen soos die engele in die hemel hulle werk doen.

Dit is God se wil dat ek 'n afsku moet hê van luiheid en getrou my werk in my beroep moet doen. Hy sê: "Ses dae moet jy arbei en al jou werk doen . . ." (Ex. 20:9). "Gaan na die mier, luiaard, kyk na sy weë en word wys" (Spr. 6:6). "Hy wat hom slap hou in sy werk, hy is 'n broer van 'n verwoester" (Spr. 18:9). "As iemand nie wil werk nie, moet hy ook nie eet nie" (2 Thess. 3:10).

God het aan ons talente gegee, en ons moet daarmee woeker. En nou maak dit nie saak hoeveel talente ons ontvang het nie. Op die oordeelsdag sal die Here van ons wil weet wat ons gedoen het met die talente wat ons wel ontvang het.

Daarom bid ons die Here om ons te help om ook in ons daaglikse beroep so getrou te wees soos die engele in die hemel.

HOOFSTUK 8

DIE VIERDE BEDE

"Gee ons vandag ons daaglikse brood".

Heidelbergse Kategismus Sondag 50

Sondag 50

Vraag 125: Wat is die vierde bede?

Antwoord: Gee ons vandag ons daaglikse brood. Dit is: Versorg ons met alles wat vir die liggaam nodig is (a), sodat ons daardeur erken dat U die enigste Bron is van alles wat goed is (b), en dat al ons sorge en arbeid en ook u gawes sonder u seën ons nie kan baat nie (c). Gee daarom dat ons ons vertrouwe van alle skepsele aftrek, en op U alleen stel (d).

(a) [Ps. 145:15](#); [Ps. 104:27](#); [Mat. 6:26](#).

(b) [Jak. 1:17](#); [Hand. 14:17](#); [Hand. 17:27](#).

(c) [1Kor. 15:58](#); [Deu 8:3](#); [Ps. 37:16](#); [Ps. 127:1-2](#).

(d) [Ps. 55:23](#); [Ps. 62:11](#); [Ps. 146:3](#); [Jer. 17:5](#), [Jer. 17:7](#).

1. BROOD.

As ons bid: "Gee ons vandag ons daaglikse brood," dan vra ons volgens die Kategismus daarmee aan die Here: "Wil ons versorg met alles wat nodig is vir die liggaam."

Volgens 'n oppervlakkige oordeel lyk dit vergesog om die woord "brood" so uit te rek dat dit "alles wat ons nodig het vir die liggaam" kan beteken. Tog is dit nie so vergesog nie omdat die woord **brood** in die Skrif dikwels gebruik word om al die liggaamlike en tydelike behoeftes van die mens aan te dui. (Vgl. die straf op die sonde van die man, Gen. 3:19, en die eerste versoeking van die Here Jesus, Matt. 4:4).

Verder, as ons net nugter en logies oor die woord **brood** nadink, kan ons self ook sien dat tereg gesê kan word dat, deur te bid vir ons daaglikse brood, ons in werklikheid bid vir alles wat ons nodig het. Want om brood te kan hê, moet daar **koring** wees, daar moet **lande** wees wat bewerk kan word, daar moet **gesondheid, krag en verstand** wees om dit te kan doen, daar moet **ploeë, planters, trekkers**, ens. wees. Selfs **handel en industrie, binne- en buitelandse markte** kan hier nie uit die oog verloor word nie. En so sou ons kon voortgaan.

Die woord **brood** is dus 'n geskikte aanduiding vir al ons lewensbehoefte. Soos 'n brandglas die strale van die son op 'n klein kolletjie saamtrek, so word al ons lewensbehoefte hier saamgetrek in die woord **brood**.

Dit kom daarop neer dat ek in hierdie bede van die Here alles vra wat ek nodig het om my godgegewe roeping hier op aarde te kan vervul: die student en skolier vra vir boeke; die messelaar vir stene en sement; die huisvrou vir kos en klere om haar gesin te versorg; die handelaar vir goedere om te kan verkoop; die handelsreisiger vir 'n motor; die melkboer vir koeie, ens., ens.

2. DAAGLIKSE BROOD.

Deur te bid vir ons **daaglikse** brood, vra ons van die Here om ons so te versorg dat ons genoeg sal hê vir elke dag. Ons bid nie vir 'n groot bedrag geld in die bank nie; ons vra ook nie genoeg kos en klere vir die jaar nie; nee, ons vra maar net genoeg vir **elke dag**, want meer het ons eintlik nie nodig nie.

Waarvoor ons vra as ons bid om daaglikse brood, word op 'n treffende wyse aan ons voorgehou in Spreuke 30:8,9: "**Gee my nie armoede of rykdom nie, laat my geniet die brood wat vir my bestem is; dat ek nie, as ek oorversadig geword het, U verloën nie, en sê: Wie is die Here? En dat ek nie as ek arm geword het, steel en my aan die Naam van God vergryp nie**".

Ons bid dus dat die Here ons moet versorg soos Hy **elke dag** aan Israel manna in die woestyn gegee het, en **elke dag** aan Elia met die kraaie kos gestuur het by die spruit Krit.

3. BID EN WERK.

Natuurlik beteken hierdie bede nie dat ons maar net moet bid en dan in luiheid sit en nie werk nie en ook geen voorsorgmaatreëls vir die toekoms moet tref nie. Sulke mense word deur die Skrif verwys na die miere wat hard werk en in die somer kos opgaar en bêre vir die winter (Spr. 6:6-8). Ons lees ook van Josef wat in die jare van oorvloed koring opgegaar het vir die jare van gebrek (Gen.41).

4. DIE DOEL VAN HIERDIE BEDE.

4.1 GOD ERKEN AS DIE OORSPRONG VAN AL WAT GOED IS.

Dat God die enigste oorsprong is van al wat goed is, word duidelik in die Skrif geleer. In Jak. 1:17 lees ons: "**Elke goeie gif en elke volmaakte gawe daal van bo af neer, van die Vader van die ligte, by wie daar geen verandering of skaduwee van omkering is nie**". En in Ps. 145:15 en 16 word gesê: "**Die oë van almal wag op U, (o Here), en U gee hulle hul spys op die regte tyd. U maak u hand oop en versadig alles wat lewe met welbehae**". Hier word mens en dier voorgestel asof hulle oë permanent op God gerig is sodat Hy aan hulle hul kos kan gee. En as ons nou elke dag die Here bid om ons daaglikse brood aan ons te gee en Hom ook dank as ons dit ontvang het, erken ons Hom as die Gewer van alle goeie gawes.

Daarom het hierdie vierde bede en ook ons tafelgebede 'n besondere betekenis. Dit is nie maar net 'n gebed sonder meer nie, maar ook 'n erkenning en belydenis dat God die oorsprong is van al wat goed is.

4.2 ONS AFHANKLIKHEID VAN GOD ERKEN EN BELY.

Deur hierdie bede erken en bely ons ook dat ons in alles van God afhanklik is en sonder Hom niks kan doen nie. Volgens ons Kategismus sê ons deur hierdie bede onder andere aan die Here "dat ons sorg en arbeid sowel as u gawes sonder u seën ons nie tot voordeel kan strek nie, en dat ons dus ons vertrouwe van alle skepsele moet aftrek en op U alleen stel."

Omdat ek so algeheel van God afhanklik is, moet ek die Here bid om aan my die nodige krag en bekwaamheid te gee om my werk te kan doen. En dan móét ek ook werk: ek moet hard werk en getrou werk. Maar dan moet ek ook weer bid dat die Here **my werk moet seën**, want sonder sy seën is al my harde werk, voorsorgmaatreëls, ens. tot mislukking gedoem. In Ps. 127 lees ons: "**As die Here die huis nie bou nie, tevergeefs werk die wat daaraan bou; as die Here die stad nie bewaar nie, tevergeefs waak die wagter**".

Selfs **die gawes wat ons van die Here ontvang het**, moet Hy seën as ons dit gebruik,

anders kan dit ons meer kwaad doen as goed. As Hy die motor seën wat ek van Hom ontvang het, word dit 'n gerieflike vervoermiddel. Maar as Hy dit nie seën nie, kan dit 'n gevaarlike middel word wat my en my medemens die lewe kan ontnem. As die Here die kos seën wat ek eet, word my liggaam daardeur versterk. Maar as Hy dit nie seën nie, kan ek daardeur voedselvergiftiging opdoen en sterwe.

In Haggai 1:6 lees ons wat met Juda gebeur het toe die Here hulle nie geseën het nie: **"Julle het baie gesaai, maar min ingebring; julle het geëet, maar nie tot versadiging nie; julle het gedrink, maar nie genoeg gekry nie; julle het julle geklee, maar nie warm geword nie; en wie hom vir loon verhuur, verhuur hom om dit in 'n stukkende beurs te steek"**.

Omdat ons so afhanklik is van die Here, wil Christus ons in hierdie vierde bede leer om ons afhanklikheid van Hom te erken en te bely en ons vertroue net op Hom te stel. Hy wil ons leer om nie te vertrou op ons eie bekwaamheid, ons harde werk, ons intelligensie, liggaamskragte, baie geld, groot oes, ons ouers, vriende, ens. nie, maar elke dag lewe uit God se hand en uiteindelik alles wat ons nodig het, van Hom alleen moet verwag.

En ons **kán** ook in hierdie vertroue lewe, want Paulus sê van ons God en Vader: **"Hy wat selfs sy eie Seun nie gespaar het nie maar Hom vir ons almal oorgegee het, hoe sal Hy nie saam met Hom ons ook ALLES genadiglik skenk nie?"**(Rom. 8:32). En hierdie "alles" sluit ook ons **daaglikse brood** in, dit wil sê, "alles wat nodig is vir die liggaam".

Koning Josafat van Juda kan dien as 'n treffende voorbeeld van 'n persoon wat nie sy vertroue gestel het op die aardse middele tot sy beskikking nie, maar net op die Here alleen (2 Kron. 20).

Josafat en Juda is bedreig deur die Moabiete en hulle bondgenote wat reeds op pad was om hulle aan te val. En hoewel Josafat 'n leër van ongeveer 'n miljoen man gehad het, het hy geweet dat selfs so 'n sterk leër sonder die seën van die Here niks beteken nie. Daarom het hy sy volk by die tempel laat saamkom. Toe het hy tot God gebid en Hom om hulp gesmeek. En hy sluit sy gebed af met die woorde: **"Want in ons is daar geen krag teenoor hierdie groot menigte wat teen ons gekom het nie; en ons weet nie wat om te doen nie, maar ons oë is op U"** (2 Kron. 20:12).

Hier sien ons wat dit beteken om, ondanks die teenwoordigheid van 'n leër van 'n miljoen man, jou vertroue van alle skepsele af te trek en op die Here alleen te stel. So moet ons ook ons vertroue nie stel op die "miljoen man" waaroor ons in een of ander vorm beskik nie - ons geld, bekwaamheid, gesondheid, gesiene ouers, ens., ens. nie — maar op God alleen.

4.3 OM ONS ROEPING TE KAN VERVUL.

In hierdie bede vra ek die Here verder om my veral liggaamlik die nodige krag en bekwaamheid te gee om my roeping in die amp van die gelowige in sy koninkryk te kan vervul.

Ek het 'n godgegewe roeping en taak wat ek tot eer van die Here moet vervul. Maar behalwe die werk wat ek daagliks moet doen in die beroep waarin ek staan, het ek net in die vorige drie bedes van die Onse Vader die Here gevra dat sy Naam geheilig moet word, sy koninkryk moet kom en sy wil moet geskied. Maar die feit dat ek Hom gevra het om dit te doen, beteken dat ek ook daaraan wil meewerk en dat ek graag wil hê dat Hy my in die verband moet gebruik. Maar om hierin aan Hom diensbaar te kan wees, het ek krag, verstand, wysheid, energie, ens. nodig. En nou vra ek hier dat die Here aan my alles moet gee wat ek nodig het om dié roeping en taak na behore en tot sy eer te kan vervul.

HOOFSTUK 9

DIE VYFDE BEDE

"Vergeef ons ons skulde, soos ons ook ons skuldenaars vergewe".

Sondag 51

Vraag 126: Wat is die vyfde bede?

Antwoord: Vergeef ons ons skulde, soos ons ook ons skuldenaars vergewe. Dit is: Reken ons, arme sondears, al ons misdade asook die boosheid wat ons nog aankleef, ter wille van die bloed van Christus, nie toe nie (a). Ons bid dit van U omdat ons hierdie bewys van u genade in ons vind: dat ons die ernstige voorneme het om ons naaste van harte te vergewe (b).

(a) [Ps. 51:3](#); [Ps. 143:2](#); [1Joh. 2:1](#); [Rom. 8:1](#).

(b) [Mat. 6:14](#)

Heidelbergse Kategismus Sondag 51.

Nuwe vertaling.

In die nuwe vertaling lui hierdie bede so:

Matt. 6:12: "Vergeef ons ons oortredinge soos ons ook die vergewe wat teen ons oortree".

Lukas 11:4: "Vergeef ons ons sondes, want ons vergewe ook elkeen wat teen ons oortree".

1. VERGEWING.

Wat beteken vergewing presies?

Vergewing beteken dat twee persone (of groepe), wat deur iets van mekaar geskei is, weer bymekaar gebring word deurdat dit wat hulle van mekaar skei, oorbrug word of uit die weg geruim word.

Laat ons dit so verduidelik: As 'n man ontrou is teenoor sy vrou, kom daar 'n breuk tussen hulle. Hulle is nie meer werklik **bymekaar** nie. Hulle voel dat daar iets is wat hulle van mekaar weghou. Daar is iets "**tussen**" hulle. Maar as die man sy skuld bely en sy vrou hom vergewe, dan word dit wat tussen hulle was, oorbrug of uit die weg geruim. Hulle is dan weer bymekaar. Die verhouding is herstel.

So is dit nou ook met ons verhouding tot God. Petrus skryf in sy eerste sendbrief: "Want Christus het ook eenmaal vir die sondes gely; Hy die regverdige vir die onregverdiges, **om ons tot God te bring**" (1 Petr. 3:18).

Hierdie laaste woorde: ". . . **om ons tot God te bring**," is in hierdie verband van besondere belang.

Die sonde het skeiding gemaak tussen God en ons. God en ons was nie meer bymekaar nie. Maar toe het Christus gekom en al ons sondes op Hom geneem; Hy het in ons plek daarvoor gely en daarvoor betaal. Op hierdie wyse het Christus ons weer **by** God gebring.

Die vergewing van sonde beteken dus dat my sonde my nie meer van God skei nie. My oortredinge is nie meer 'n kloof tussen my en my hemelse Vader nie. Daarom beteken die vergewing van my sonde dat God en ek weer bymekaar is.

2. WAT IS SONDE?

Op grond van die vyfde bede en die verklaring wat die Kategismus daarvan gee, kan sonde hier soos volg aangedui word:

2.1 SONDE IS NALATIGHEID (SKULD).

Sonde is nalatigheid in die sin dat dit alles aandui wat ek móés gedoen het, omdat God dit van my eis, maar **nie** gedoen het nie.

Dit is ons lewenstaak om ons Vader in alles te verheerlik. Ons is aan Hom 'n lewe van spontane gehoorsaamheid verskuldig waarin elke asemteug, elke woord en daad tot sy eer moet wees. Ons moet God bo alles liefhê en ons naaste soos onself. Ons lewens moet vol wees van positiewe vrugte van geloof en bekering. Dit alles is ons aan God verskuldig. Ons **skuld** dit aan Hom. En as ons dit nie doen nie, betaal ons nie ons **skuld** nie. Daarom is dit sonde en staan ons skuldig voor Hom. Daarom verdien ons sy oordeel en straf. Dink aan die gelykenis van die **onvrugbare** vyeboom (Luk. 13:6-9).

2.2 SONDE IS OORTREDINGE.

Sonde is nie net die nalaat van wat God gebied nie; dit is ook **om te doen wat God verbied**. Dan is sonde ongehoorsaamheid, wetteloosheid en 'n weiering om my aan God se wil en wet te onderwerp.

2.3 SONDE IS MISDADE.

Die Kategismus praat van ons sonde as **misdade**. Dit klink vir ons gewoonlik 'n bietjie skerp. En om onself dan te beskerm, praat ons liever van swakhede, tekortkominge, ens. Maar as die Heilige Gees ons oë geopen het om die erns van ons sonde raak te sien, sal ons self ook erken dat dit misdade is. Dan sal ons al die geestelike moorde sien wat ons gepleeg het deur ons naaste nie vir Christus te wen nie. Ons sal ons liefdeloosheid teenoor God en ons naaste sien. Ons sien dan ons gebrek aan vertroue op die Here, ons eiewillige godsdien, ons hoogmoed en slegte humeur, ons volksondes en kerksondes. En dit alles maak van ons misdadigers, want daardeur het ek God van my af weggestoot: daar het 'n kloof tussen God en my gekom en . . . ek is die oorsaak daarvan.

2.4 SONDE IS BOOSHEID.

Die Kategismus praat van "die **boosheid** wat ons altyd aankleef". Daardeur word die innerlike neiging vanweë die erfsonde by my aangedui om die verkeerde en sondige te doen. Ook dit is 'n sonde wat vergewe moet word.

3. HOE VERGEWE GOD?

Die vergewing van sondes beteken nie dat God die sondes deur die vingers sien, sy oë daarvoor sluit en maak asof dit nie bestaan nie. O nee, vir God is ons sondes 'n baie ernstige saak.

In Christus sien ons wat vergewing van sondes werklik beteken. God het al ons oortredinge geneem en op Hom gelaai. Toe het God **Hom** gestraf vir **ons** sonde: Hy moes die smarte van die dood en die hel in ons plek deurgaen. So het Hy vir ons skuld by God betaal: vir al ons sondige nalatigheid en moedswillige oortredinge. Daarom word ek nou vrygespreek en

my skuld word kwytgeskeld.

So het Christus 'n brug oor die sondekloof gebou en my oor die brug weer na God gebring. Nou is ek by God en Hy by my. Die sonde skei Hom en ons nie meer nie.

Daarom kan ware vergewing van sondes alleen gevind word in die geloof dat Christus vir al my sondes ten volle betaal het.

En as ons nou bid: "Vergeef ons ons sondes," dan smeeek ons eintlik: Onse Vader, laat my sonde en oortredinge tog nie meer 'n kloof wees tussen U en my nie. Aanskou die brug wat Christus oor die kloof gebou het, en help my om, waar ek elke dag nog sondig, steeds oor die brug na U te gaan. Gee my dan ook die sekerheid dat niks my sal skei van u liefde wat daar in Christus Jesus, ons Here, is nie (Rom. 8:38,39).

4. ONS MOET OOK VERGEWE.

4.1 ONS MOÉT VERGEWE

By die vyfde bede word daar nog 'n baie belangrike tweede deel bygevoeg: "Vergeef ons ons oortredinge soos ons ook die vergewe wat teen ons oortree". Dit beteken dat, soos God die kloof tussen Hom en ons in Christus verwyder het deur ons ons sondes te vergewe, so moet ons ook alle klowe en hindernisse tussen ons as mense onderling verwyder. En dit doen ons deur mekaar te vergewe as die een teen die ander oortree het.

In hierdie verband is Christus se gelykenis van die onbarmhartige amptenaar (dienskneg) van besondere belang (Matt. 18:21-35). Die koning het die amptenaar miljoene rand kwytgeskeld, maar daardie amptenaar was nie bereid om sy mede-amptenaar slegs 'n paar rand kwyt te skeld nie. Die koning was woedend toe hy dit hoor. Daarom het hy daardie onbarmhartige amptenaar baie swaar gestraf. En dan sluit Christus die gelykenis af met die volgende waarskuwende woorde: "So sal my Vader wat in die hemel is ook met julle maak as **julle** nie elkeen sy broer van harte vergewe nie" (Matt. 18:35).

Deur hierdie gelykenis rig Christus 'n baie ernstige waarskuwing aan ons om nie onversoenlik, onbarmhartig en onvergewensgesind teenoor ons naaste te wees nie.

As God ons in en deur Christus so ontsettend baie vergewe het wat ons teen Hom oortree het, dan moet ons ook bereid wees om mekaar se oortredinge te vergewe. En as ons nie in staat of bereid is om dit te doen nie, toon ons daardeur dat ons nie werklik deel het aan God se vergewing van sondes deur Jesus Christus nie; en dan rus God se oordeel op ons.

4.2 ONS MOET TEN VOLLE VERGEWE.

As ons mekaar vergewe, moet ons mekaar **ten volle** vergewe.

Soms sê mense dat hulle wel bereid is om te vergewe, maar dat die verhouding tog nooit weer soos vroeër sal wees nie. Of hulle sê dat hulle sal vergewe maar nie vergeet nie. Dit beteken dat daar nie werklike vergifnis is nie. Daar bly nog altyd 'n kloof tussen die twee persone of partye; hulle is nog nie werklik bymekaar nie.

As God ons so sou vergewe het, sou daar geen hoop vir ons gewees het nie. Maar God vergewe ons ten volle en . . . dit moet ons ook onder mekaar doen.

4.3 ONS IS NIE VIR GOD 'N VOORBEELD NIE.

As ons bid: "Vergeef ons ons oortredinge soos ons ook die vergewe wat teen ons oortree", beteken dit nie dat die wyse waarop ons ons naaste vergewe, aan God as voorbeeld voorgedhou word hoe Hy ons moet vergewe nie. Dit sou vermetel gewees het om ons sondige en gebrekkige optrede aan die heilige God as voorbeeld voor te hou. Maar verder sou dit met ons maar uiters droewig gesteld wees as God ons moet vergewe soos ons me-

kaar vergewe, omdat ons vergewing van mekaar gewoonlik maar veel te wense oorlaat.

Nee, die bedoeling van hierdie bede is dit: Ons moet so aangegryp word deur die wonderlike vergewing van sondes wat ons van God ontvang, dat ons nie anders kan as om ons naaste te vergewe nie. Ons moet so bly wees dat God ons ons skuld van miljoene rand kwytskeld het, dat dit vir ons 'n vreugde sal wees om ons naaste se skuld van 'n paar rand aan ons kwytskeld. So moet daar dus gelykheid wees tussen wat God doen en wat sy kinders doen.

Samevattend kan ons sê: In die vyfde bede vra ons dat God ons al ons sondes en oortredinge om Christus ontwil moet vergewe. Maar ons vra ook van Hom dat Hy ons moet help dat hierdie vergewing van sondes deur Hom ons so ontroer en beweeg dat ons nie anders kan as om ons naaste se sonde en oortredinge teenoor ons te vergewe nie.

HOOFSTUK 10

DIE SESDE BEDE

"Lei ons nie in versoeking nie, maar verlos ons van die Bose".

Heidelbergse Kategismus Sondag 52 vraag en antwoord 127.

Sondag 52

Vraag 127: Wat is die sesde bede?

Antwoord: En lei ons nie in versoeking nie, maar verlos ons van die Bose. Dit is: Ons is in onself so swak dat ons nie een oomblik staande kan bly nie (a). Daarby hou ons doodsvyande, die duiwel (b), die wêreld (c) en ons eie sondige natuur (d), nie op om ons aan te val nie. Wil U ons tog deur die krag van u Heilige Gees staande hou en versterk, sodat ons teen hulle sterk teenstand kan bied en in hierdie geestelik stryd nie beswyk (e) nie, totdat ons eindelijk die oorwinning volkome behaal (f).

- (a) [Joh. 15:5](#); [Ps. 103:14](#).
- (b) [1Pet. 5:8](#); [Ef. 6:12](#).
- (c) [Joh. 15:19](#).
- (d) [Rom. 7:23](#); [Gal. 5:17](#).
- (e) [Mat. 26:41](#); [Mark.13:33](#).
- (f) [1Thess. 3:13](#); [1Thess. 5:23](#).

In die nuwe vertaling lui hierdie bede so:

Matt. 6:13: "Laat ons nie in versoeking kom nie maar verlos ons van die Bose".

1. DIE SONDE AS SKULD EN MAG.

Die sonde is nie net 'n skuld wat vergewe móét word nie, maar dit is ook 'n **mag** waarteen gestry moet word. In die vorige bede bid ons om die wegneming van ons sondeskuld; in hierdie bede bid ons om beskerming teen die **sondemag**.

Ons kan dit ook anders stel. In die vyfde bede vra ons die Here om alles wat tussen Hom en ons is weg te neem sodat ons weer werklik bymekaar kan wees. In die sesde bede vra ons die Here dat, waar Hy en ons nou bymekaar is, Hy ons moet bewaar sodat daar nie deur ons sonde iets tussen Hom en ons kan kom wat ons van mekaar sal skei nie.

2. SATAN SE GROOT MAG.

Satan (die Bose) beskik oor 'n geweldige mag, en ons moet dit nooit onderskat en dink dat ons uit eie krag sterk genoeg is om dit te weerstaan nie. In Openb. 12 word aan ons voorgehou oor watter geweldige mag Satan beskik. Hy is geweldig sterk en wreed, maar hy is ook listig en skelm. Daarom hoef ons ons nie daarvoor te skaam dat ons vir hom bang is nie. Hy is immers ons "doodsvyand". En juis omdat hy so gevaarlik is, bid ons dat God ons teen hom moet beskerm.

3. DIE DRIE DOODSVYANDE.

Christus praat in die sesde bede net van die Bose, maar die Kategismus brei dit uit na drie:

die duiwel, die wêreld en ons eie vlees. En nou probeer die Kategismus nie om aan die woorde van Christus iets toe te voeg nie, maar dit wil net aantoon op watter fronte ons veral moet waak teen die aanslae van die Bose.

Eintlik het ons maar net een vyand en dit is die duiwel. Soms val hy ons persoonlik aan of deur sy helpers — "die bese geeste in die lug", soos Paulus hulle noem (Ef. 6:12). Maar soms probeer hy om ons tot sonde te beweeg deur die verleiding van die wêreld en die swakheid van ons eie vlees te gebruik. Daarop vestig ons belydenis die aandag.

Hierdie drie: die duiwel, die wêreld en ons eie vlees, word nou genoem: ons doodsvyande wat nooit ophou om ons aan te val nie. En om nou in hierdie stryd teen die doodsvyande staande te kan bly, moet ons hulle ken en weet van watter aanvalsmetodes hulle gebruik maak.

3.1 DIE DUIWEL.

Hy word in die Bybel met verskillende name genoem: die **vyand** wat oorlog voer teen die volk van God (Gen. 3:15; Openb. 12:17); die mense-moordenaar van die begin af (Joh. 8:44); die vader van **die** leuen (Joh. 8:44); die groot **draak**, die ou slang, **duiwel** en **Satan**, die verleier (Openb. 12:9); die **aanklaer** van die broeders (Openb. 12:10).

Die Bybel sê dat hy rondgaan soos 'n **brullende** leeu wat soek wie hy kan verslind (1 Petr. 5:8). Maar die Bybel noem hom ook die ou slang (Openb. 12:9).

Hierdie twee benaminge tipeer sy optrede. Soms storm hy op die mens af met brute geweld soos 'n brullende leeu. Ander kere kom hy weer ongemerk na jou toe, listig soos 'n slang. As dit hom pas, kan hy na jou toe kom in die gedaante van 'n ware Christen, ja selfs as 'n engel van God (2 Kor. 11:14). Hy maak gebruik van baie tegnieke, maar sy doel is altyd dieselfde: hy wil die mens losruk van God; hy wil 'n breuk tussen God en mens veroorsaak.

'n Baie duidelike voorbeeld van die tegniek wat Satan gebruik om mense tot sonde te probeer verlei, sien ons in sy versoeking van Jesus in die woestyn (Matt. 4:1-11). Ons sien hier hoe hy die wêreld en die mens se eie vlees in sy diens probeer gebruik.

Satan stel sy versoekings so dat dit altyd in lyn is met ons ideale en aanpas by ons verwagtings. Dit het hy ook gedoen toe hy Jesus versoek het.

Met die eerste versoeking kom hy met die probleem van die voorsiening van brood, die voorsiening van kos aan die mense. As Hy van klippe brode kan maak, sal die hele mensdom Hom mos aanhang en as Koning vereer, en dan sal Hy hulle *na* God kan lei. Dan sal dit nie vir Christus nodig wees om aan die kruis te ly en te sterwe nie.

Met die tweede versoeking van die nadruk weer op die sensasionele, die aangrypende. As Christus van die tempel afspring en met 'n sagte landing op die grond kan neerkom, sal almal Hom bewonder en aanhang, en dan kan Hy hulle na God toe lei.

Ons sien hier verder hoe geslepe Satan is: hy gebruik selfs 'n teks uit die Bybel in sy poging om Christus te verlei.

Met die derde versoeking wil Satan te kenne gee dat, as die hele wêreld aan Christus behoort, Hy dit so kan regeer dat alles en almal na God kan terugkeer en Hom kan dien en eer.

Satan skep in al drie die versoekings die indruk dat Hy Jesus se belange op die hart dra. Hy wil Jesus advies gee hoe Hy sukses kan behaal en die hele wêreld agter Hom aan kan kry.

Dit lyk alles baie mooi. Maar as Jesus die advies van Satan opgevolg het, sou dit beteken het dat Hy aan Satan gehoorsaam is en met hom 'n verbond sluit. En dan was sy hele koms om ons te red tevergeefs.

Hieruit is dit duidelik dat Satan 'n gevaarlike vyand is. Hy kan homself op meesterlike wyse vermom en dan na jou toe kom deur middel van 'n vriend of vriendin, deur jou man of vrou.

Hy weet ook wat die swak punt in jou lewe is, en in sy aanvalle sal hy veral daarop konsentreer. Daarom moet ons altyd op ons hoede wees en ons nie teen ons beterwete aan versoeking blootstel nie.

3.2 DIE WÊRELD.

Die sondige wêreld is vir Satan 'n goeie bondgenoot.

Deur die wêreld met sy ligsinnigheid en sondige vrolikheid lok en roep Satan ons om die rug op God te keer. Hy wil voorkom dat ons die beeld van Christus vertoon en wil ons verlei om die beeld van die sondige wêreld te vertoon.

En ook as Satan ons met die wêreld probeer verlei, sluit hy aan by ons swakhede. Daarom lê die versoeking van die wêreld vir die een in weelde, vir 'n ander in ontug, vir nog een in sterk drank, ens. So wil hy ons met die wêreld as bondgenoot tot 'n val probeer bring. Met Demas het hy dit reggekry, want Paulus skryf: "Demas het my verlaat omdat hy die teenwoordige wêreld liefgekry het" (2 Tim. 4:10).

3.3 ONS EIE VLEES.

Satan maak in sy versoekings veral gebruik van ons eie vlees.

In 'n sekere sin is hy die gevaarlikste van al ons vyande, want hy is nie buite ons nie maar in ons. Hy is die verraaier binne-in die vesting.

Dit is hy wat die deure oopmaak sodat die duiwel en die wêreld kan inkom. Dit is ons eie vlees wat ons bluf en sê dat ons sterk is en nie deur die versoekinge van Satan verlei sal word nie, maar as die versoekings kom, is dit juis hy wat die weg vir die verleiding baan. Dit is hy wat ons laat speel in die hand van Satan, wat ons op die randjie van die afgrond laat beweeg en ons so baie laat waag.

Dit is dan die geweldige mag van die Bose soos dit tot ons kom in die **duiwel**, die **wêreld** en ons **eie vlees**. Dit is die drie doodsvyande "**wat nooit ophou om ons aan te val nie**", sodat ons altyd op ons hoede moet wees.

4. HOE MOET ONS ONSSELF BESKERM?

Die vraag is nou: Wat moet ons doen om onself te beskerm teen en staande te bly tydens die aanvalle van die magte van die Bose?

Die volgende is in hierdie verband baie belangrik:

4.1 ERKEN JOU EIE SWAKHEID.

Ons moet goed besef dat ons in onself so swak is dat ons uit eie krag nie 'n enkele oomblik voor die geweldige mag van die Bose kan standhou nie.

Ons moet onself nooit oorskat in ons stryd teen die sonde en dink dat ons onself maar aan 'n versoeking kan blootstel sonder om daardeur oorweldig te word nie. Trouens, juis as ons soos Simson dink dat ons sterk is en dat ons maar met die vuur van die sonde kan speel sonder om daardeur oorweldig te word, plons ons in die vlamme.

4.2 BID VIR BEWARING.

Juis omdat ons weet dat ons so swak is in onself, moet ons die Here elke dag bid om ons te beskerm teen die versoekings van Satan. Daarom bid ons ook: "Lei ons nie in versoeking nie maar verlos ons van die Bose". Daarmee doen ons 'n beroep op die almag en genade van God en vra ons Hom om ons te help.

Deur hierdie bede sê ons eintlik: Onse Vader, ons het sulke vreeslike vyande wat altyd

daarop uit is om ons ewige ondergang te bewerk. En ons weet dat ons in eie krag so swak is dat ons nie voor hulle kan staande bly nie. Maar U, o God, is almagtig. Daarom smeeek ons U om ons tog genadiglik te help in hierdie stryd. Help ons om ons te bewapen met die wapens wat net U ons kan gee (Ef. 6:10-20).

4.3 BESTUDEER DIE SKRIF.

As ons wil staande bly in die versoekings van Satan, is dit van lewensbelang dat ons die Skrif bestudeer. Sonder Skrifkennis word ons 'n maklike prooi van Satan met sy versoekings en verleidings. Daarom is die woorde van die Here by monde van die profeet Hosea ook hier van toepassing: "My volk gaan te gronde weens gebrek aan kennis" (Hos. 4:6).

Hoe noodsaaklik Skrifkennis in hierdie verband is, sien ons juis in Matt. 4 waar ons lees hoe die duivel Jesus versoek het. Christus het die Satan hier nie oorwin deur goddelike wonderdade nie, maar met die Woord van God. Elke keer as Satan gekom het met 'n versoeking, het Jesus dit afgeweer deur hom na God se Woord te verwys en te sê: "**Daar staan geskrywe . . .**" En toe die duivel probeer het om Hom met 'n Bybelteks te verlei, het Jesus hom geantwoord: "**Daar staan óók geskrywe . . .**"

Sonder Skrifkennis is ons feitlik verlore as Satan ons probeer verlei. Bowendien leer die Skrif ons om die geeste op die proef te stel of hulle werklik uit God is (1 Joh. 4:1). Maar hoe kan ons dit doen as ons die Skrif nie ken nie?

4.4 GRYP VAS AAN CHRISTUS.

Om in die versoekings van Satan te kan staande bly, moet ons in die geloof vasgryp aan Christus. Trouens, ook in hierdie opsig het Christus in ons plek voor God gestaan en was Hy ons Borg en Middelaar.

Want waar God Satan beperk as hy **ons** versoek (vgl. Job 1:12 en 2:6), daar het God hom toegelaat om sonder beperking met sy versoekings op Christus af te storm. Maar hy kon Christus nie oorwin nie; inteeendeel, Christus het Hom oorwin. En deur die krag waarmee Christus hom oorwin het, hou Hy ons ook vas as Satan ons versoek en probeer verlei. En daarom moet ons met alle mag aan Christus vasgryp as Satan ons tot sonde wil verlei.

Omdat Christus self deur Satan versoek is, weet Hy wat dit beteken om versoek te word. Daarom kan Hy ook medelye hê met ons as ons versoek word. In Hebr. 4:15 lees ons: "Want ons het nie 'n hoëpriester wat nie met ons swakhede medelye kan hê nie, maar een wat in alle opsigte versoek is net soos ons, maar sonder sonde".

Bowendien leer die Skrif ons dat die Here nie sal toelaat dat ons bokant ons kragte versoek word nie (1 Kor. 10:13).

Omdat Christus staande gebly het in die versoekings van Satan, het Hy die reg om vir ons te pleit by God. Daarom het Hy die reg en die mag om aan Simon en aan ons te sê: "Satan het vurig begeer om julle soos koring te sif. Maar Ek het vir jou gebid dat jou geloof nie ophou nie" Luk. 22: 31,32).

5. LEI GOD ONS IN VERSOEKING?

As ons bid: "Lei ons nie in versoeking nie," beteken dit dan nie dat God tog soms daarvoor verantwoordelik gehou moet word dat ons in versoekings en sonde beland nie?

Dit mag miskien so lyk, maar in werklikheid is dit nie so nie. Ons bid nie: "Moet ons nie versoek nie," *maar* wel: "Lei ons nie in versoeking nie", of soos dit nog duideliker in die nuwe vertaling weergegee word: "Laat ons nie in versoeking kom nie".

Om ons te versoek en om ons in versoeking te laat kom, is nie dieselfde nie.

nie die mens om hom tot sonde te beweeg nie. Jakobus stel dit baie duidelik: "Laat niemand

as hy in versoeking **kom**, sê: **Ek word** deur God versoek **nie**. **Want God kan deur die kwaad nie versoek word nie, en self versoek hy niemand nie**" (Jak.1:13).

God versoek ons nie, want dit sou beteken dat Hy ons **tot** sonde probeer verlei. **Maar God laat ons soms in versoeking kom** in die sin dat Hy Satan toelaat om **ons te** versoek. Dit het trouens met die Here Jesus self ook gebeur. Ons lees in Matt. 4:1: "Toe is Jesus deur die Gees weggelei in die woestyn om versoek te word deur die duiwel". God het dus toegelaat dat die duiwel Hom versoek. Dit was ook die geval met Job (Job 1:12 en 2:6).

Tog beteken dit nie dat God sy kinders aan Satan uitlewer sodat hy met hulle kan doen wat hy wil nie. God bepaal self hoe ver Satan mag gaan met sy versoekings (Job 1:12; 2:6: 1 Kor. 10:13).

6. VERSOEKINGS EN BEPROEWINGS.

Dit is belangrik om daarop te let dat met dieselfde dinge waarmee Satan ons **versoek**, God ons wil **beproof**. Dit beteken dus dat **God** en **Satan** soms in dieselfde dinge in ons lewens werk. Satan gryp dit dan aan as **versoekings**, terwyl God dit gebruik as **beprowings** (Deut. 13:1-3; Openb. 2:10)

Tussen 'n **versoeking** en 'n **beprowing** is daar 'n groot verskil.

- 'n Versoeking kom van die duiwel; 'n beproewing van God.
- Met 'n versoeking wil Satan die slegte en die sondige in ons laat seëvier. Met 'n beproewing wil God die goeie, die mooie, die edele en die heilige in ons laat seëvier.
- Met 'n versoeking wil Satan ons afbreek; met 'n beproewing wil God ons bou.
- Met 'n versoeking wil Satan ons wegtrek van God af. Met 'n beproewing wil God ons nader trek na Hom toe en vaster aan Hom bind.

Dit was die geval met Job. Satan het Job versoek. Hy wou Job daartoe bring om God te vervloek. Maar God het alles wat Satan oor Job gebring het so laat plaasvind dat Job aan die einde van sy ellende nader aan God was as daarvoor. So keer God die versoekings van Satan om in die teendeel.

En as ons nou bid: "Lei ons nie in versoeking nie", dan pleit ons dat God nie moet toelaat dat Satan se bouse bedoelings in ons lewe moet oorwin nie, maar wel God se heilige bedoelings.

HOOFSTUK 11

DIE LOFVERHEFFING EN AFSLUITING

"Want aan U behoort die koninkryk en die krag en die heerlikheid tot in ewigheid."

Vraag 128: Hoe sluit jy jou gebed af?

Antwoord: Want aan U behoort die koninkryk en die krag en die heerlikheid tot in ewigheid. Dit is: Ons bid dit alles van U omdat U as ons Koning, wat mag oor alles het, ons alle goeie dinge wil en kan gee (a) sodat daardeur nie ons nie, maar u heilige Naam ewig geprys sal word (b).

(a) [Rom. 10:12](#); [2Pet. 2:9](#). (b) [Joh. 14:13](#); [Jer. 33:8-9](#); [Ps. 115:1](#).

1. DIT ONTBREEK IN SOMMIGE MANUSKRIPTE.

Hierdie lofverheffing ontbreek in sommige van die belangrikste manuskripte van die Nuwe Testament wat tot ons beskikking is. Daarom word dit ook vandag oor die algemeen beskou as 'n latere byvoeging. Dit is ook die rede waarom dit in die nuwe Bybelvertaling weggelaat is.

Aangesien die inhoud daarvan ten volle ooreenstem met dit wat die Skrif ons leer, kan dit sonder enige beswaar as deel van ons **belydenis** gehandhaaf word.

2. GOD KAN GEE WAT ONS VRA.

In die ses bedes van die Onse Vader het ons al ons nood en sorg vir ons hemelse Vader blootgelê. Ons het ons hele lewe met al sy geestelike en stoflike behoeftes gelê in die hande van ons God en Vader.

Maar nou kan die vraag miskien by die gelowige opkom: Kan God werklik help? Kan Hy my werklik gee wat ek van Hom vra?

Deur ons gebed nou af te sluit met die woorde: **"Want aan U behoort die koninkryk en die krag en die heerlikheid tot in ewigheid"**, spreek ons die geloofsoortuiging uit dat God werklik **kan** help en aan ons **kan** gee wat ons vra.

Hier word dus gesê dat daar veral drie dinge is waarvoor God beskikkingsmag en beskikkingsreg het, naamlik die **koninkryk** en die **krag** en die **heerlikheid**.

3. "AAN U BEHOORT DIE KONINKRYK".

Hiermee bely ons dat God Koning is oor alles. Hy laat alles volgens sy wil en raadsplan plaasvind. Hy bepaal die verloop van die geskiedenis van sy **kerk**, van elke **volk** en van elke mens.

Hy is egter nie net Koning oor die mense nie, maar ook oor die **diere**. Hy sluit die bekke van die leeus sodat hulle Daniël niks kan aandoen nie (Daniël 6), maar Hy stuur ook die wurm wat Jona se wonderboom beskadig (Jona 4).

Selfs die **duiwels** kan niks doen as Hy hulle nie toelaat nie, soos blyk uit die geskiedenis van Job (Job 1 en 2).

Ook die mag van die **natuur** is onder sy beskikking. Hy gee droogte en Hy gee reën - soos blyk uit die geskiedenis van Elia en Agab (1 Kon. 17,18).

Maar uiteindelik heers God ook oor die **hart en lewe** van elke individuele gelowige. Dit is Hy wat met bekering Satan van die troon van die hart van die mens afstoot en self sy genadeheerskappy daar vestig.

Die koningskap van God is vir elke gelowige ook 'n groot troos. Ek weet immers dat God alles op so 'n wyse laat plaasvind dat dit ten goede meewerk vir hulle wat Hom liefhet (Rom. 8:28). Ek is nie uitgelewer aan 'n blinde noodlot nie, maar my lewe word bepaal deur my Koning wat ook my Vader is. En Hy sal alles, ook my teleurstellings, verdriet en pyn, tot my beswil laat dien — al kan ek self nie verstaan hoe dit moontlik is nie.

4. "AAN U BEHOORT DIE KRAG".

Krag is seker die mees gesogte artikel op die wêreldmark. Individue en volke probeer voortdurend om meer krag te verkry: krag om te kan presteer, om oorlog te maak, om ontsag en vrees in te boesem, ens. Krag het in baie opsigte die afgod van ons tyd geword.

Hierteenoor staan nou die belydenis: "Aan U behoort die krag".

Die woord wat in die oorspronklike taal vir krag gebruik word, is die woord *dunamis* en dit hou verband met woorde soos *dinamies* en *dinamiet*. Dit dui op die vermoë om werklik iets te doen. En so is dit ook inderdaad. "Hy het gepraat en dit was so, Hy het beveel en dit was daar" (Ps. 33:9).

Aan God behoort nie net die meeste of die grootste krag nie maar die volheid van krag. Alles en almal wat enigsins krag het, het dit van God ontvang.

Maar die belydenis van God se krag is nie 'n vae, abstrakte saak nie; vir die gelowige het dit ook 'n baie persoonlike betekenis. Dit word op treffende wyse aan ons voorgehou in die woorde van Jesaja: "Maar die wat op die Here wag, kry nuwe krag" (Jes. 40:31). Vir elke nuwe probleem, uitdaging, taak, droefheid, teleurstelling, ens. gee God nuwe krag om dit te kan aanvaar en te kan dra. Daarom kan ons ook met net soveel sekerheid as Paulus sê: "Ek is tot alles in staat deur Christus wat my krag gee" (Fil. 4:13).

5. "AAN U BEHOORT DIE HEERLIKHEID".

Die woord *heerlikheid* het hier waarskynlik twee betekenis.

Eensyds sien dit op die mooie, die glansende en die stralende soos die *heerlikheid* van die son, maan en sterre, die *heerlikheid* van blommeprag, ens. In hierdie sin sal dit dan beteken dat al die mooie, aangename en stralende van die Here af kom. Volgens Jesaja 6 het die seraf ook gesê: "Die hele aarde is van sy *heerlikheid* vol".

Andersyds beteken die woord *heerlikheid* hier dat vir alles die eer aan God alleen toekom, en meesal word aanvaar dat dit in hierdie betekenis bedoel word. Dit volg trouens ook logies uit die voorgaande. As die koninkryk en die krag aan God behoort sodat Hy alles stuur en lei soos Hy wil, dan moet die eer van alles ook aan Hom alleen toekom.

6. SAMEVATTING.

In hierdie gebed vra ons die Here om ons te help in al ons geestelike en liggaamlike behoeftes.

In die lofverheffing spreek ek die belydenis uit dat ek weet en glo dat God my kan help en aan my kan gee wat ek vra.

Maar in hierdie lofverheffing doen ek as't ware ook 'n appèl op God. Omdat Hy **kán** help, smee ek Hom ootmoedig dat Hy my tog uit genade móét help en aan my gee wat ek vra. Maar dan moet Hy my so help dat sy Naam uiteindelik daardeur verheerlik sal word.

7. DIE WOORD "AMEN".

Heidelbergse Kategismus vraag en antwoord 129.

Vraag 129: Wat beteken die woord Amen?

Antwoord: Amen wil sê: Dit is waar en seker. Want my gebed is baie sekerder deur God verhoor as wat ek in my hart voel dat ek dit van Hom begeer (a).

(a) [2Kor. 1:20](#); [2Tim. 2:13](#).

Baie dink dat amen slegs beteken: Hier hou dit op! Nou is dit klaar!

Amen beteken: dit sal waar en seker wees; dit staan vas; dit sal gebeur.

Die inhoud van hierdie woord blyk onder andere daaruit dat as Christus sê: "Voorwaar, voorwaar, Ek sê vir julle . . ." dan staan daar eintlik in die oorspronklike taal: "Amen, amen, Ek sê vir julle . . ."; met ander woorde: dit wat Ek nou gaan sê, is waarlik so. Daaraan is geen aan of af te doen nie.

As ons na die Ou Testament gaan, vind ons weer dat die woord amen daar verband hou met die woord wat geloof beteken.

Maar die woord amen kry vir ons nog 'n dieper betekenis as ons daarop let dat Christus self die Amen genoem word. In die brief aan Laodicea skryf Hy: "Dit sê die Amen, die getroue en waaragtige getuie . . ." (Openb. 3:14).

Dit beteken dat as die kind van God of die gemeente hulle gebede afsluit met amen, dan kom hulle tot God in die Naam van Jesus Christus. En Hy self het gesê: "Voorwaar, voorwaar, (amen, amen) Ek (die Amen) sê vir julle, alles wat julle die Vader in my Naam sal vra, sal Hy julle gee" (Joh. 16:23). En Paulus sê: "Want hoeveel beloftes van God daar ook mag wees, in Hom is hulle ja en in Hom amen tot heerlikheid van God deur ons" (2 Kor. 1:20).

Dit kom dus daarop neer dat as ons amen sê aan die einde van ons gebede, dan sê ons daarmee eintlik: Ek glo dat dit waaragtig waar en seker is dat my gebed gewis en seker deur God verhoor sal word ter wille van die soenverdienste van Jesus Christus.

In die lig hiervan kan ons sê dat daar baie gebede is waarop daar eintlik nooit **amen** gesê moet word nie omdat dit miskien net uit gewoonte sonder ware geloofserns uit die diepte van ons harte gebid is.

As ek dus **amen** sê op my gebede, moet ek dit doen in die vaste geloofsvertroue dat God werklik aan my sál gee wat ek van Hom vra.

HOOFSTUK 12

ENKELE VRAE RONDOM DIE GEBED

1. BID ONS GENOEG?

As gelowiges bid ons omtrent almal voor en na ete en in die aand voor ons gaan slaap. Minder gelowiges bid egter in die oggend voor hulle met die dag se werksaamhede begin. Óf hulle slaap te laat om dit te doen, óf hulle ag dit skynbaar nie nodig om die seën en bewaring van die Here te vra vir dit wat die dag vir hulle voorlê nie.

Maar ongeag of ons die oggende bid of nie, bid ons in elk geval genoeg?

Paulus skryf in 1 Thess. 5:17: "Bid sonder ophou". Daarmee wil hy beslis nie sê dat ons niks anders moet doen as om heeldag net te bid nie, maar hy wil sê dat ons **hele lewe** 'n gebedslewe moet wees, dat ons **in alles** onsafhanklikheid van die Here moet erken en daarom in **alles** wat ons doen sy hulp, genade, bystand, seën en bewaring moet afsmeek.

Laat ons enkele voorbeelde noem om konkreet aan te toon wat ons hier bedoel:

Ek moet per motor êrens heen ry — miskien net om brood te koop of 'n besoek af te lê. Ek is bewus van die baie ongelukke op die paaie. Daarom pas dit die gelowige om voor elke rit die oë te sluit — al is dit slegs vir 'n halfminuut of selfs korter — en die seën van die Here op die rit te vra. En natuurlik, as ek veilig teruggekóm het, moet ek onthou om weer te dank.

Ek moet 'n besoek gaan aflê. So 'n besoek kan geseënd wees maar ook gevaarlik. Ek kan daar sonde doen — miskien skinder of begin twis. Daarom, voor ek gaan, bid ek eers: "Here seën hierdie besoek; laat dit wees tot eer van U Naam en bewaar ons vir sonde. Amen". En as ek terugkom en dit was goed, dan dank ek weer die Here.

As ek inkopies gaan doen, bid ek die Here om my te bewaar vir spandabelrigheid en sondige begeerlikheid.

Dit is maar net enkele voorbeelde wat elkeen in sy of haar eie lewe en omstandighede met talle ander kan vermeerder. Die meeste van ons het die gewoonte om, as ons in die kerk inkom vir 'n erediens, die seën van die Here af te smee op die diens, en na die diens dank ons die Here weer. Waarom doen ons dit net ten opsigte van die erediens? Ons moet dit doen in al ons handel en wandel, want oral is ons blootgestel aan die versoeking van Satan, en dikwels kan hy ons voete onder ons uitslaan op plekke en by geleenthede waar ons dit die minste verwag.

Bowendien het die vaste gewoonte om so te bid 'n groot invloed op 'n mens se hele lewe en karakter. So word jou hele lewe en gedrag geplaas onder die kontrole van die gebed.

Natuurlik mag hierdie kort gebede voor ons iets aanpak en ons dankgebede daarna nooit ons vaste gebedstye vervang nie. Beslis nie!

Nou mag ons miskien sê: Dit klink alles baie mooi, maar 'n mens **voel** tog nie altyd om te bid nie. Dit is wel so, maar dan moet ons onthou dat God ons nie beveel om net te bid wanneer ons so voel nie. As ons gebed van ons gevoel afhanklik is, sal ons miskien nooit daartoe kom om te bid nie. Daarom moet nie ons gevoel nie maar die gebod van die Here die deurslag gee in ons gebedslewe. En die Here sê kort en duidelik in sy Woord: "Bid sonder ophou". Aan dié gebod moet ons gehoorsaam wees.

Baie gelowiges het ook al deur die genade van die Here ondervind dat juis deur aan te hou met bid — ook wanneer hulle nie so voel nie — die behoefte om werklik tot die Here te bid steeds meer in hulle gegroei het. Bowendien, juis as ek nie voel of lus het om te bid nie, moet ek bid dat die Here tog deur sy Gees in my koue, versteende hart moet werk en my die lus en begeerte moet gee om Hom gedurig te soek in die gebed. So sal ek ook daarvoor

bewaar word dat my gebede nie maar net 'n blote formaliteit word nie, maar juis deur my gebede sal ek verdiep word in die geloof en nader aan die Here gebring word.

Die Franse skrywer, Raoul Stephan, spoor die gelowiges soos volg tot gebed aan: Christene, bid sonder ophou, bid oral: in u bed as u gaan slaap en as u opstaan, op straat, in u motor, in die trein, op u kantoor, op skool, in die fabriek, maar veral in die eensaamheid in u kamer, in oomblikke van stilte wat u daarvoor afsonder in die oggende en aande. Maak van u vakansie 'n geestelike verdieping waar u werk en u ontspanning onderbreek word deur te kniel en te dank. (Raoul Stephan: **Het Westen op die Dwaalweg**, Franeker, 1951, bl. 70).

2. BID ONS GENOEG VIR DIE KERK?

Ons moet veral gereeld bid vir die **kerk van die Here** en dan in besonder vir die plaaslike kerk waarvan ons lidmate is.

Ons moet bid vir die **ampsdraers**. Ons moet bid dat die Here hulle moet bewaar vir die sonde. Ons moet die Here voortdurend vra om die werk van die **ouderlinge** en **diakens** te seën en die regte woorde in hulle monde te lê om ons te vermaan, te vertrou en te bemoedig na die eis van elkeen se behoeftes. Ons moet die Here smee om die predikant die nodige wysheid, insig, onderskeidingsvermoë, die leiding van die Heilige Gees, die krag en besieling te gee om die gemeente reg te onderrig, op te bou en te lei tot eer van die Here. Dan sal ons ook voldoen aan die versoek van die apostel Paulus as hy aan die Efesiërs skryf: "... (dat) julle met **alle gebed** en **smeking** by **elke geleentheid** bid in die Gees ... vir my sodat 'n woord my gegee mag word as ek my mond oopmaak om met vrymoedigheid die verborgenheid van die evangelie bekend te maak" (Ef. 6:18,19).

Ons moet verder bid vir al die lidmate wat in sonde lewe en ondanks alle vermanings tog nie hulle sonde wil nalaat en hulle tot God bekeer nie.

In plaas van om net te kla oor swak kerkbesoek, moet ons eerder volhardend tot God bid om in die harte van die traes en loues die behoefte te wek om gereeld na die eredienste te kom en daar versterk te word.

Ons moet bid vir almal wat in beproewing verkeer.

Ons moet verder gereeld bid vir alle arbeid van sending en evangelisasie.

Deur so te bid vir die kerk en al sy lidmate, sal ons toon dat ons werklik **lewende lidmate** van die kerk van die Here *k*.

3. WAT VAN GEBEDSGENESING?

3.1 WAT ONDER GEBEDSGENESING VERSTAAN WORD.

As gelowiges glo ons dat God, as dit Hom behaag, aan siekes genesing skenk in antwoord op die gebede wat vir of deur hulle tot God gerig word. Die Skrif leer ons dit op baie plekke. Jakobus skryf byvoorbeeld: "Die gebed van die geloof sal die kranke red, en die Here sal hom oprig" (Jak. 5:15). Die Here sê self: "Roep My aan in die dag van benoudheid: Ek sal jou uithelp, en jy moet my eer" (Ps.50:15). (Vgl. ook Jes.38:1-21).

Onder die gebedsgenesing wat ons hier wil behandel (wat soms ook geloofsgenesing genoem word) word egter iets anders verstaan. Daaronder word verstaan 'n herhaling van dié wonders wat plaasgevind het gedurende die omwandeling van Christus op aarde en wat ook later met die optrede van die apostels gepaard gegaan het — die wonders dus wat in die oog van die mens so sensasioneel en opvallend is.

3.2 DIE PRAKTYK.

Wat gebeur by so 'n geloofsgenesing?

Die antwoord op hierdie vraag kan in drie dele gegee word:

3.2.1 Die gebedsgeneser bid tot God vir die genesing van die betrokke pasiënt of pasiënte. Sy "gebed" is egter van so 'n aard dat hy God as't ware daardeur **wil dwing om** te doen wat hy **wil** hê, naamlik om hierdie of daardie persoon gesond te maak. Van "laat U wil geskied", word in hierdie gebede nooit gehoor nie. Wat God in die betrokke geval wil, is heeltemal van minder belang. Net wat die gebedsgeneser wil, is belangrik, en van God verwag hy om maar net te doen wat hy wil. Hy maak dus feitlik van God sy dienskneg.

3.2.2 Nadat God "gedwing" is om te doen wat die gebedsgeneser wil, word die pasiënt gedwing om dit te doen waarvoor vir hom gebid is. As hy byvoorbeeld verlam was, dan word hy na die gebed gedwing om te loop.

As die pasiënt nie kan doen waarvoor vir hom gebid is nie, word hy beskuldig van gebrek aan geloof. Daarom is die feit dat hy na die gebed nog in ellende verkeer, sy eie skuld. Kan hy dit egter wel doen, ontvang die gebedsgeneser die eer.

Ter bevestiging van wat in punt 2.2 genoem is, kan hier verwys word na wat 'n sekere teoloog en medikus, dr. F.A. Nolle van Leiden, Nederland, gesê het nadat hy so 'n gebedsgenesingsbyeenkoms bygewoon het.

Hy sê: As mens en medikus kan ek nouliks woorde vind om my verontwaardiging uit te druk oor wat ek rondom die verhoog gesien het.

Hy vertel verder wat gebeur het met 'n man wat 'n volkome invalide was: Die man is so swaar en magteloos dat drie ander hom nouliks staande kan hou. Die spanning en wanhoop is duidelik op sy gelaat leesbaar. Hy is die slagoffer van die fanaties suggestiewe gebed van die Amerikaanse evangelis, Osborn. Jy **moet** immers opstaan. Jy **moet** jou genesing gryp. **Forseer** jou ledemate in die naam van Christus.

3.3 HULLE "RESULTATE".

In plaas van om hierdie praktyk en die leer wat daaraan ten grondslag lê, deeglik aan die Skrif te toets, kan hier volstaan word met die enkele opmerking dat dit die toets van die Skrif nie kan deurstaan nie.

Veral moet gelet word op die "resultate" van die gebedsgenesers en dit moet aan die Skrif getoets word.

Een van die sterkste argumente waarmee die optrede van die gebedsgenesers verdedig word, is die "sukses" of die "resultate" wat hulle bereik.

Of daar werklik soveel resultate bereik word, kan sterk betwyfel word op grond van mededelings van persone wat vir genesing na die byeenkomste van die gebedsgenesers gegaan het. Gewoonlik word 'n ophef gemaak van die **een** wat genees is, maar van die **honderd** wat nie genees is nie, word niks gesê nie.

Maar al sou daar ook werklik resultate bereik word, is dit op sigself nog nie van deurslaggewende betekenis nie. Dit het alleen waarde as dit ooreenstem met die leer van die Skrif. Maar as dit die Skrif teësprek - soos hier inderdaad die geval is — dan moet ons weet dat ons hier te doen het met die gees en die krag van die dwaling wat ons om Gods wil moet afwys. Dan is die resultate wat hulle bereik, vrugte van die werk van die duiwel.

Die Skrif spreek in hierdie verband geen onduidelike taal nie. Ons lees in Deut. 13:1-3: "As 'n profeet of een wat as dromer optree, by jou opstaan en jou 'n teken of wonder aankondig, en die teken of wonder kom uit wat hy jou beloof het met die woorde: Laat ons agter ander gode aan loop — wat jy nie geken het nie — en hulle dien, dan moet jy nie luister na die

woorde van dié profeet of na dié man wat as dromer optree nie; want die Here julle God beproef julle om te weet of julle werklik die Here julle God liefhet met julle hele hart en hele siel". (Vgl. ook Matt. 24:24).

3.4 BEOORDELING.

Uit die voorgaande is dit duidelik dat nie die tekens en wonders van beslissende betekenis is nie, maar wat die Woord van God sê. Daarom moet ons ons nie laat verblind deur al die wonderlike genesings nie, want God het tevore aan ons in sy Woord gesê dat die valse profesie ook bekragtig sal word deur tekens en wonders. Die Egiptiese towenaars het ook van hulle stawe slange gemaak.

Ons Heiland het ook gesê: "Baie sal in daardie dag vir My sê: Here, Here, het ons nie in U Naam geprofeteer en in U Naam duiwels uitgedrywe en in U Naam baie kragte gedoen nie? En dan sal Ek aan hulle sê: Gaan weg van My, julle wat die ongeregtheid werk" (Matt. 7:22,23).

Ons moet daarop let dat daar drie maal staan: " in U Naam". Maar dan word dit duidelik dat hulle onder die Naam van Christus die duiwel gedien het. Christus ontken ook nie dat hulle duiwels uitgedryf en baie kragte gedoen het nie. Hy sê alleen: "Gaan weg van My, julle wat die **ongeregtheid** werk".

Baie duidelik word ons in die Skrif vermaan om ons nie te laat mislei deur tekens en wonders, deur mooi resultate nie. In Matt. 24:24 sê die Here Jesus: "Want daar sal valse christusse en valse profete opstaan, **en hulle sal groot tekens en wonders doen** om, as dit moontlik was, ook die uitverkorenes te mislei". (Vgl. ook Deut. 13:1-3; 1 Thess. 2:8-12).

Nie die "resultate" moet vir ons van deurslaggewende betekenis wees nie, maar die waarheid van God se Woord.

Om saam te vat: Ons glo dat God op die gebede van sy kinders genesing aan siekes skenk as dit Hom behaag. Maar op grond van wat die Bybel ons leer, moet ons tog waarsku dat daar 'n soort gebedsgenesing is waardeur 'n mens miskien na die liggaam genees kan word, maar na die siel gevang kan word in die strikke van die duiwel. Pasop vir hom: hy is 'n mensemoordenaar van die begin af.

4. WAT VAN ONVERHOORDE GEBEDE?

4.1 HOOR EN VERHOOR.

As ons praat van onverhoorde gebede, moet ons goed onderskei tussen die woorde **hoor** en **verhoor**. As ons sê: God **hoor** ons gebede, beteken dit: Hy luister daarna, Hy gee ag daarop. As ons egter sê: God **verhoor** ons gebede, dan beteken dit dat Hy aan ons gee wat ons in ons gebede van Hom vra. Daarom kan ons sê dat God wel alle gebede hoor maar nie alle gebede verhoor nie.

4.2 GOD IS 'N VERHOORDER VAN GEBEDE.

Die Skrif leer ons dat God sy eer daarin stel om 'n verhoorder van gebede genoem te word. In Ps. 50:15 sê Hy: "Roep My aan in die dag van benoudheid, dan sal Ek jou uithelp en jy sal My eer". Christus self sê ook in Joh. 15:7: "As julle in My bly en my woorde in julle, vra dan net wat julle wil hê, en julle sal dit kry". (Vgl. ook Matt. 7:7; Joh. 16:23).

Dit is duidelike uitsprake. En tog lyk dit of die praktyk van die geloofslewe soms in stryd is met wat hier gesê word. Dan vra ons iets van die Here en tog ontvang ons nie wat ons van Hom vra nie. Dan kry ons dus te doen met die probleem van die onverhoorde gebede.

Nou moet ons versigtig wees om nie te gou van onverhoorde gebede te praat nie, omdat

God soms net **uitstel** om ons gebede te verhoor. Dan gee Hy uiteindelik tog wat ons van Hom vra, maar net op 'n later datum. So het die Here die gebede van Sagaria en Elisabet verhoor en aan hulle wel 'n kind gegee (Johannes die Doper) maar op 'n baie later tyd in hulle lewe as wat hulle dit verwag het (Luk. 1). God laat ons soms wag op die verhoring van ons gebede om ons in die gebed te laat volhard en ons op die wyse steeds nader aan Hom te trek.

4.3 REDES WAAROM ONS GEBEDE SOMS NIE VERHOOR WORD NIE.

Die Skrif leer ons dat daar soms wel redes is waarom ons gebede nie verhoor word nie. Die volgende kan as die vernaamste redes daarvoor aangedui word:

4.3.1 *Ons het 'n verkeerde doel voor oë.*

Ons lees in Jak. 4:3: "Julle bid en julle ontvang nie omdat julle verkeerd bid, om dit in julle welluste deur te bring". Dit waarvoor hulle gebid het, wou hulle vir 'n verkeerde doel gebruik. Daarom het God dit nie aan hulle gegee nie. Dit geld ook vir ons.

4.3.2 *Ons bid, maar werk nie.*

Bid en werk gaan altyd saam. Die gebed is nie 'n agterdeur vir luiheid nie. Daarom moet ek nie probeer om iets deur die gebed te verkry wat ek deur harde en pligsgetroue werk moes verkry nie. Ek moet hard werk en dan bid om God se seën op my werk.

4.3.3 *Ons maak van God 'n blote noodhulp.*

God wil vir ons 'n hulp in nood wees maar nie 'n blote noodhulp nie. Wie van God 'n blote noodhulp maak, laat na om Hom daagliks getrou te dien, te eer en te dank, maar as hulle in die moeilikheid kom, dan soek hulle hulp by God en verwag van Hom om hulle te help. Maar God laat Hom nie so misbruik tot 'n blote noodhulp nie. Daarom sal Hy in die reël die gebede van sulke noodhulpbidders nie verhoor nie.

4.3.4 *As ons hardnekkig aan een of ander sonde vashou.*

As ons aan 'n bepaalde sonde vashou en ons nie daarvan bekeer nie, is dit soms ook 'n rede waarom God nie ons gebede verhoor nie.

Christus sê: "As julle in My bly en my woorde in julle, vra dan net wat julle wil hê en julle sal dit kry" (Joh. 15:7). Maar vanselfsprekend volg hieruit dat as ons vashou aan 'n sonde wat bots met sy woorde en wil, ons ook alle aanspraak op gebedsverhoring verloor.

4.3.5 *As die verhouding tussen man en vrou nie reg is nie.*

Dat 'n wanverhouding in die huwelik 'n oorsaak vir die nie-verhoring van ons gebede is, blyk duidelik uit die volgende woorde van die apostel Petrus: "Net so moet julle, manne, verstandig met hulle saamlewe en aan die vroulike geslag as die swakkere, eer bewys, omdat julle ook mede-erfgename van die genade van die lewe is - **sodat julle gebede nie verhinder mag word nie**" (1 Pet. 3:7). Vgl. ook Mal. 2:13,14.

4.3.6 *As ons die Here nie van harte aanroep nie.*

As ons gebede net lippetaal is en nie werklik uit ons harte kom nie, is dit ook 'n rede waarom Hy ons gebede nie verhoor nie. Dan ontbreek die nodige erns en opregte bedoeling in ons gebede. En dan sê die Here ook aan ons: "Hierdie volk eer My met hulle lippe, maar hulle hart is ver van My af" (Matt. 15:8).

4.3.7 Ons bid sonder vertrou.

As ons iets van die Here bid, moet ons ook **glo** en **vertrou** dat ons dit van Hom sal ontvang. As ons dit nie doen nie, moet ons ook nie verwag dat Hy ons gebede sal verhoor nie. Dit blyk duidelik uit die volgende woorde van Jakobus: "Maar hy moet in die geloof bid sonder om te twyfel; want hy wat twyfel is soos 'n golf van die see wat deur die wind gedrywe en voortgesweep word. Want dié mens moenie dink dat hy iets van die Here sal ontvang nie" (Jak. 1:6,7).

4.3.8 Ons hou te gou op met bid.

Die Here verwag van ons om iets nie net een maal van Hom in die gebed te vra nie, maar aan te hou met bid tot Hy dit aan ons gee of tot dit vir ons duidelik word dat Hy dit om een of ander rede nie wil gee nie. Dat die Here dit van ons verwag, blyk uit Luk. 18:1-8. Hierdie gelykenis van die weduwee en die regter begin so: "Jesus het vir hulle 'n gelykenis vertel om duidelik te maak dat 'n mens altyd moet aanhou bid sonder om moedeloos te word" (Luk. 18:1). Die Here wil hê dat ons moet aanhou met bid, want terwyl ons bid, kom ons al hoe nader aan Hom.

4.4 DIE OPLOSSING VAN DIE PROBLEEM.

Uit die voorgaande is dit duidelik dat daar wel goeie redes is waarom ons gebede soms nie verhoor word nie.

Tog vind ons in die Skrif, en waarskynlik ook in ons eie lewe, gebede wat werklik beantwoord aan die vereistes vir die regte gebed en tog nie deur God verhoor is nie. Die volgende is voorbeelde van sulke gebede: Moses se gebed om Kanaän binne te gaan (Deut. 3:23-28); Dawid se gebed dat die kind van hom en Batseba nie moet sterwe nie (2 Sam. 12:16-23); Paulus se gebed om die wegneming van die doring in die vlees (2 Kor. 12:7-9). In 'n sekere sin sou 'n mens hier ook die gebed van Christus in Getsémané kan noem (Matt. 26:36-46; Luk. 22:39-46).

Hoe moet ons dit verklaar dat hierdie gebede nie verhoor is nie?

Hier het ons gekom by die eintlike probleem van die onverhoorde gebede.

Die oplossing van die hele saak is geleë in die vaderskap van God. Ons hemelse Vader weier soms om aan ons te gee wat ons vra. So doen aardse vaders tog ook teenoor hulle kinders, en so móét hulle ook doen as hulle kinders verkeerde dinge van hulle vra. Dit is alleen 'n dwase vader wat aan sy kind 'n gelaaide rewolwer sal gee om mee te speel net omdat die kind dit graag wil hê. God is egter 'n volmaakte en alwyse Vader en Hy weet die beste wat ons nodig het. Hy weet dat ons vanweë die sonde dikwels dom kinders is wat iets vra wat nie vir ons goed is nie en soms selfs gevaarlik is. As Hy dus 'n versoek afwys, kan ons daarvan seker wees dat dit tot ons beswil is. Die afwysing van so 'n bede openbaar dus 'n groter genade en liefde van God as die voldoening daaraan. Daarom was Paulus ook later in sy lewe dankbaar dat die Here sy gebed om die verwydering van die doring in sy vlees nie verhoor het nie (2 Kor. 12:9,10). Bowendien laat God alles ten goede meewerk vir hulle wat Hom liefhet (Rom. 8:28).

Ons moet verder onthou dat ons lewens op aarde maar kort van duur is teenoor die ewige bestaan van God. Hy oorsien ons hele lewe en weet daarom of iets wat ons van Hom vra in ons lewe inpas of nie. Daarom is Hy ook deur die nie-verhoring van ons gebede besig om ons geestelik te bou en nie om ons te breek nie.

Daarom moet ons ook kom tot die gebed van Christus in Getsémané: "Laat nogtans nie my wil nie maar u wil geskied". Dan bid ek: Here, U is my Vader en U alleen weet wat vir my die beste is. Vader, in kinderlike ootmoed vra ek van U dit of dat. Ek smeeek U, gee dit aan my. Laat nogtans nie my wil nie maar u wil geskied.

Samevattend kan ons dus sê dat die hele saak van die onverhoorde gebede — wat ware, opregte gebede is — gesien moet word in die lig van die liefde van ons Vader vir ons as sy kinders - die liefde wat hom ook daarin openbaar dat Hy sekere dinge wat ons van Hom vra en wat nie vir ons goed is nie, nie aan ons gee nie.